Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Die Betroubare Woord

Wees Trou

Skrifstudies oor Hosea

Deur

Dr. D Kempff

Voorwoord

DIE rykdom van die Skrif kom daarvandaan dat dit die Woord van God is. Dit is openbaring van die God wat self groot en heerlik is, terwyl sy werke, veral sy genade, omvattend en veelkleurig is. Om dié rede kan ons maar altyd weer die Bybel lees en steeds dinge vind wat nuut en wonderlik is. Geen mens sal tewens die volle diepte daarvan kan uitput nie.

Bybelstudie is 'n saak wat in ons tyd steeds meer belangstelling trek. Moontlik omdat kennis van die Skrif nie meer so gemeengoed is nie. Ook wel omdat tydsomstandighede mense daartoe dring om dieper in te grawe in wat God gegee het. Daarom reken ons om in hierdie behoefte te voorsien en hopelik meerdere in die rigting te beweeg.

Kennis van wat God geopenbaar het, is tog 'n onontbeerlike deel van die ware geloof. Die bedoeling is om studie in die Skrif self te stimuleer, ook gedagtig aan die waarheid: hoe meer jy oor die Bybel lees, hoe meer lees jy in die Bybel. En dit wil Skrifstudie wees, waarby lesers moet saamwerk: lees wat hier staan en die Bybel daarlangs te gebruik. Om eie Skrifkennis op te bou en geestelik verryk te word, desnoods in verdere bespreking in die gesin of 'n ander kring.

Ons handhaaf onverkort dat die Bybel God se Woord is. Maar gee ook aandag aan die skrywers en hulle omstandighede.

Inhoud

Voorwoord 2
Inhoud 3
Hosea — Agtergrond 5
Daad- en Skrifprofete 5
Wat besiel 'n profeet? 5
Min oor profeet bekend 6
Israel in die branding 6
Hosea 1 8
God gryp in 8
Hosea se huwelik 8
Betekenis van Jisreël 9
God trek lyne deur 9
Tog nog troos 10
Hosea 2:1 - 12 11
Oproep om te twis 11
Hoe Israel gedink het 11
Waar God oral sorg 12
Gegee en geneem 12
So sê die Here 12
Hosea 2:13 - 3:5 14
Watter lyne God trek 14
Binne en buite 14
Wat genade bewerk 14
Kettingaksie 15
Doel van God 16
Hosea 4 17
Hoor, Israel! 17
Ken in hart en lewe 17
Paaie van afval 18
Leer tog van ander 19
Hosea 5 20
Hoor dit! 20
Uiteinde van sonde 20
God lankal weg 21
Dreiging en oordeel 21
God tree op 21
Hosea 6 23
Wegvlug en toevlug 23
Lewe na die dood 23
Menigtes bly onbekeerd 24
Lewe as offer 24
Dwarsdeur sleg 25
Hosea 7 26
Sonde bedek of oop? 26
Binnelandse woelinge 26
Buitelandse sake 27
Slegte instrument 28
Hosea 8 29

Dis oordeel kom 29
Waarin gesondig 29
Saad en oes 30
Ydele gespook 30
Straf onvermydelik 31
Hosea 9 32
Regte instelling nodig? 32
Van God weg 32
Teen die profeet in 33
God se teleurstelling 33
As God verjaag 34
Hosea 10 35
Voorspoed verlei 35
Leë koningskap 35
Dis nou 'n god 36
Die oordeel tas deur 36
God gryp in 36
Vergeefse planne 37
Hosea 11 38
Vaderliefde 38
Goed versorg 38
Menslike steunsels weg 39
'n Groot omkering 39
Hulle stroom toe 39
Hosea 12 41
Leuenbestaan 41
Vergeefs 41
Afdwaling 41
Selfmisleiding 42
Heerskappy 43
Hosea 13 44
Valse lewensbron 44
Domastrantheid 44
God gryp in 45
Wonderlik gewerk 45
Hoor tog! 46
Hosea 14 47
Gerigsvoltrekking 47
Heilige offerdiens 47
Verkeerde afgelê 48
Mooi en sterk 48
Ware lewe 49
BOEKE GERAADPLEEG EN OM TE GEBRUIK 50

Hosea — Agtergrond

Daad- en Skrifprofete

Die Ou Testament word in drie hoofgroepe verdeel: *Wet, Profete* en *Wysheidsboeke.* Wat dan van dié boeke wat die geskiedenis vertel, soos *Samuel, Konings?* Hulle word gereken tot die profetiese boeke, omdat dit die geskiedenis in openbaringslig stel. Ons moet dit raaksien dat daarin óók die optrede — met dade en woorde — van profete soos Natan, Elia vermeld word. Hulle word *daadprofete* genoem. Daarnaas kom die *Skrifprofete,* soos Jesaja, Hosea, Jona, voor. By hulle staan nie optrede of dade voorop nie, maar hulle skriftelike arbeid. Dit was stellig so:

⇨ hulle het eers of veral mondelings opgetree,

⇨ daarna is die profetiese openbaring opgeteken (kyk Jer. 36).

Wat die profetiese boeke aangaan, word van die *groot* profete *(Jesaja, Jeremia, Esegiël)* gepraat — terwyl Daniël in die Hebreeuse Bybel elders (Wysheid) ondergebring word. Die *groot* dui egter op die omvang van die boeke, en daarom is hulle eerste geplaas. Ná hulle kom twaalf *kleinere* profete — en die *kleiner* dui nie op 'n mindere betekenis nie dog op die korter inhoud (saam is hulle omtrent so lank soos *Esegiël* alleen). Hulle is soms genoem: *Die Twaalf* en as 'n eenheid beskou. So was dit al by *Jesus Sirach* wat in 180 v.C. geskryf het. Hulle omvat sowel die oudste as die jongste profetiese boeke, oor 'n tyd van meer as 400 jaar.

Amos en *Hosea* is waarskynlik die oudste twee skrifprofete. Hulle het stellig begin praat en (dalk) skryf in 850 v.C. Dis in elk geval duidelik dat *Jeremia* met die profesieë van *Hosea* bekend was. Meesal staan *Hosea* ook in die orde eerste van hierdie ry profete geplaas, weer omdat dit die langste is. Maar Amos was 'n ouere tydgenoot van hom (kyk Hos. 8:14 / Amos 2:5; Hos. 4:15 / Amos 5:5; Hos. 10:4 / Amos 6:13; Hos. 4:3 / Amos 8:8).

Hosea (en ander profetiese boeke) is nie noodwendig 'n eenheid nie. Dis eerder 'n versameling uitsprake van een profeet, wat andere selfs kon behartig het. Die eenheid van so 'n boek kom daarvan dat 'n profeet sy opdrag van God gekry en sy werk in 'n bepaalde tyd en omstandighede gedoen het — en dat God deur sy Gees dit só laat byeenbring het.

Wat besiel 'n profeet?

Die boek van die profeet Hosea begin met die uitspraak dat die woord van die Here tot Hosea gekom het (1:1).

Die Here het dus mét hom gepraat, maar ook déúr hom met die volk (4:1; 5:1, 8; 8:1). Daarmee word dan twee belangrike aspekte van die profetiese taak aangedui.

- *'n Profeet is iemand wat deur God gegryp of geroep en aangespreek word* — en dus nie 'n mens wat op eie gesag of volgens eie goeddunke woorde begin praat nie. 'n Profeet is as 't ware die mond van God (kyk Eks. 4:15, 16) waardeur Hy sy openbaring laat hoor. Moses is eintlik die grondlegger van die profesie in Israel (kyk H. 12:14; Deut. 34:10; Jer. 7:25) en veral ook daardeur van die bestaan van Israel as volk. Treffend is die profetisme genoem: die Maria (of die vrou) wat die Christendom in die wêreld gebring het. So 'n man of vrou is deur God in diens gestel en het eintlik nie 'n keuse oor wat hy moet doen of sê nie (Jer. 20:7).
- *'n Profeet praat nie verbandloos of sommer in die lug in nie.* Dit gaan om die wil van God, sy beoordeling van iets of mense, oor te dra of te openbaar. Daarom is die profesie gebind aan 'n bepaalde tyd en omstandighede, maar tog ook so dat dit vir alle tye kan geld indien dit reg verstaan word. Die profeet het dus nie mense na die mond gespreek nie, maar van God se kant af 'n boodskap gebring wat dikwels teen hulle ingegaan het.

Die uiteinde en vervulling van die profesie was die koms van Jesus Christus wat God se Woord is en volbring (Hebr. 1:1-3). Dit gaan dus uiteindelik oor God se koninkryk wat aan die kom was, gekom het en tog nog aan die kom is.

Min oor profeet bekend

Oor die mens Hosea is nie baie bekend nie. Om die waarheid te sê weet ons buite wat in sy profesieë opgeteken staan, niks van hom af nie. Iets van sy innerlike worsteling oor sy persoonlike lewe skemer wel deur. Maar dit is eintlik bysaak — soos God Israel as sy volk en daarmee as openbaringsvolk verkies het, so kies Hy ook profete-mense vir sy doel en tot sy eer uit.

Wie *Beëri,* die vader van Hosea was, weet ons nie en ook nie uit watter stam hulle is nie. Daar is 'n vermoede dat Hosea uit 'n priestergeslag kan wees (met 'n kennis van die kultiese lewe — 2:13; 5:6; 6:6; 8:13; 9:3-5), maar dit staan nie vas nie. Die noem van sy pa het stellig die bedoeling om hom van andere met dieselfde naam te onderskei. Een van hulle was *Josua* of *Hosea* (Num. 13:8). 'n Ander was koning (2 Kon. 15:30). Die naam dui wel iets aan van: *die Here help.* Kom dit nie ook daarin uit nie dat God wel deur sy profeet bestraf en vermaan oor die sondes van sy volk, maar juis daardeur Hom nog genadiglik met sy volk besig hou? Dis tog 'n vader wat aanspreek en tugtig (Hebr. 12).

Die eienaardige bevel kom tot Hosea dat hy met 'n ontugtige vrou moet trou (1 en 3). Hierdie huwelik(e) van Hosea het aan verklaarders baie probleme besorg en daaroor bestaan uiteenlopende beskouings. Daar word gestel dat dit werklikheid was of dalk net iets simbolies (figuurlik) of selfs visioenêr (soos wat profete ook sekere dinge deurleef het, maar in 'n visioen — kyk Jes. 6; Eseg. 1:3). Daar is vasvalplekke in elkeen van hierdie beskouings en dis beslis moeilik om hier vir ons doel volledig daarop in te gaan. Laat dit genoeg wees om te sê dat die besondere verbond tussen God en sy volk meer kere met 'n huweliksverhouding in die Skrif vergelyk word (bv. Jer. 2). En afval van God word dan gesien soos die optrede van 'n vrou wat ontrou aan haar man is en in hoerery verval.

Twee besondere trekke van die optrede van Israel in daardie tyd kan genoem word:

- Hulle was in die gang van die wêreldpolitiek en die stryd tussen die groot nasies ingetrek en het self daarin 'n spel van wisselende trou en verbondenheid probeer speel.
- Hulle het aan baie van die praktyke van die afgodsdienste van die land meegedoen en hulle daarby maklik aan die gepaardgaande onsedelike praktyke oorgegee.

Israel in die branding

Hosea sê nie vir ons wáár hy gewoon het nie. Tog is daar allerlei aanduidings dat hy eintlik as profeet te doen gehad het met die Noordelike of Tienstammeryk, ook wel *Efraim* genoem. Daar is sprake van die *huis van Jehu* (1:4) en van *Jisreël* (dink aan Agab en Nabot — 1 Kon. 21) wat dui op dié gebied. Verder lees ons oral in hierdie boek van Efraim en van Samaria. 'n Eienaardigheid van *Hosea* is dat daar baie probleme met sy teks en 'n sinvolle vertaling is. Sommige verklaarders reken dit kan die gevolg wees van die feit dat die opgetekende profesieë na die ondergang van die Tienstammeryk na die suide (of Juda) gebring is. Maar daar is ook diegene wat sê dat sy taal trekke van 'n noordelike dialek verraai. (Die tyd waarin Hosea profeteer, is omtrent twee eeue na die verdeling van die ryk wat onder Dawid saamgesnoer was — kyk 3:5.) Dit kan wees dat verdere opgrawings en vondse van taalverwantskappe nog meer lig bring. Baie van Hosea se beelde kom uit 'n plattelandse sfeer.

Dis wel 'n besondere trek dat Hosea sy tyd aandui deur vier konings van Juda en net een van Israel of die Noorderyk te noem (1:1). Dié Jerobeam wat hy meld, is Jerobeam II, die laaste groot koning uit die huis van Jehu. Eintlik was dit 'n hoogtepunt in die bloei en aansien

van Israel en in 'n selfstandige bestaan. In sekere sin sou doemprofesieë oor oordele wat kom, nie pas nie — tog praat Hosea wel *in* die tyd en *vir* die mense, maar dan soos God hom dit in die mond lê.

Nietemin is dit eienaardig as ons na die vier konings van Juda kyk, omdat daar naas hulle 'n hele reeks konings in Israel was: *Sagaria, Sallum, Menahem, Pekaja* en *Hosea.* Dit was toe koningsmoorde iets gewoons geword het — en die moordenaar weer koning, totdat 'n nuwe een weer die sakie oorgeneem het. In dié tyd het konings met wisselende wêreldheersers te doen gekry! Na 'n mislukte poging om van die Assiriese mag weg te breek, is die Noorderyk ook platgeloop en die ballingskap het vir 'n groot deel van die vroeëre volk van God begin.

Die waarskuwings van die Here deur sy profeet is verag en daarom het die oordele van God onafwendbaar gevolg.

Een verklaarder meen dat Hosea se verswyging van die noordelike konings dalk te verklaar is uit sy trou aan God — en so in afgeleide sin uit sy trou aan Jerusalem en die stam van Juda.

Hosea woon onder sy volk en worstel met/teen hulle ontrou en afval in. Dit gebeur veral omdat hy sy roeping van God gekry het en namens sy God en vir sy volk hulle roep om na die regte pad en die verbond met God terug te keer. Anders volg die oordeel.

Daar is baie ooreenkoms tussen die wêreldomstandighede van Hosea se dae en ons tyd. Daarom kan ons stellig net met geloofsvrug sy profesie lees en bestudeer.

Hosea 1

God gryp in

Die almagtige God het reg op die diens en eer van alle mense (Ps. 50) —al bring sonde, afval en ontrou mee dat dit deur vele nie gegee word nie. Daarom het Hy met verloop van tyd 'n verbond met Abraham gesluit en Israel as sy volk verkies — opdat daar tóg mense sal wees wat Hom verheerlik (Ps. 105). Maar ook hierdie bondelinge dien God nie getrou nie, sodat dit telkemale nodig was dat hy profete stuur om hulle die regte pad voor te hou en in bekering terug te roep (Luk. 1:68 e.v.).

Hosea sê reg aan die begin dat die *woord* van die Here tot hom gekom het (1:1).

- *Woord* (dabar) in Hebreeus sê woord én daad, sodat dit by God begin, van Hom uitgaan.
- Dis in die enkelvoud (nie *woorde* nie) en dui die hele boek dan ook aan as 'n eenheid, deur God bewerk.
- Die Here lê beslag op Hosea se lewe, sodat die profeet net kan sê en doen wat God opdra (kyk Eseg. 2 en 3).

Die tyd waarin dit gebeur, is belangrik en bepaal mede die inhoud van hierdie profesie. Ons moet op die volgende let:

- Die verdeling van die volk van God spreek uit die feit dat konings van albei ryke (Juda en Israel) genoem word — en ook hulle hereniging (1:11).
- Die lys van Judese konings bevat 'n oorwig aan negatiewe materiaal, met net Jotam en Jehiskia as ligpunte (2 Kron. 27, 29-32). Ussia het die tempel ontheilig (2 Kron. 26) en Agas het dit toegesluit (2 Kr. 28), terwyl Hiskia aan die einde met Babel flikflooi (al was dit stellig ná Hosea se tyd— kyk 2 Kr. 32:24; Jes. 39).
- Jerobeam (die Tweede) is die enigste van Israel wat genoem word. Belangrik is dat sy genant die eerste koning van die Noorderyk of Israel was wat van die Dawidshuis weggebreek (2 Kr. 10)—en wat die kalwerdiens by Israel ingevoer het. Die direkte afval van die diens van die ware God het by hom begin. Nou was Jerobeam II wel uit die Jehu-dinastie (kyk 1:4) maar die keuse van dié naam toon waar simpatieë lê. Verder het Israel hom ook aan die afgodsdiens van die land (Baal en Astarte) oorgegee en daarmee, soos 'n hoervrou, aan haar man ontrou geword. Dié saak lê ten grondslag aan Hosea se optrede en belewenisse.

Hosea se huwelik

Hosea kan omtrent nie genoeg beklemtoon dat God in/ deur hom praat nie. Hy sê God se woord het tót hom gekom (1:1) en daarna twee keer (1:2) dat die Here áán hom dinge gesê het. Dit lewer probleme by die vertaling en by ons verstaan van opdragte. Opvallend dat van Hosea hier in die 3e persoon *(profeet, hom)* gepraat word, maar later (3:1) in die le persoon *(ek, my).*

Twee pogings tot vertaling lui:

- *Die begin van die spreke van die Here in Hosea. En die Here sê vir Hosea...* (Ridderbos).
- *Die eerste wat die Here met Hosea gepraat het, was dat die Here tot Hosea gesê het...* (Van Gelderen).

Hierby is die opmerking gemaak dat Hosea duideliker as Amos (1:1) en meer in die trant van Jesaja (6) sy roeping wou laat blyk.

Die saak waaroor dit gaan, is die ongewone opdrag aan Hosea om 'n hoervrou en hoerkinders te neem (1:2). As profeet moet sy lewe iets laat blyk van God se leed oor die ontrou van sy mense. Dit kan wees dat juis die woord *land* (vir die volk) gebruik is omdat dit volgens die Hebreeuse taaleie 'n vroulike woord is (iets wat ons in Afrikaans nie ken nie). En oor die afgodery wat eie aan Kanaän was en deur Israel opgeneem is.

Die noem van *Gomer* (as die vrou se naam) praat hard teen 'n simboliese of idealistiese opvatting. Die oorwig van verklaarders dink ook deesdae aan 'n werklike huwelik, al laat dit nóg probleme. Die spieëlbeeld wat Hosea/Gomer se huwelik van die sonde van die volk vertoon, is stellig die belangrikste saak. Dit kan ook wees dat Gomer ontrou geword het en nie in die begin so was nie. Dit val op dat eers staan: *vir hom* 'n seun gebaar (1:3) en daarna net: *'n dogter en 'n seun gebaar* (1:6, 8) — waarby bespiegel kan word dat hulle nié kinders van Hosea was nie.

Betekenis van Jisreël

Die name van die kinders is kernsake in hier profesie van Hosea. Die eerste seun moet, in opdrag van God weereens, *Jisreël* genoem word (1:4). En daaroor word 'n veelseggende profetiese toeligting verstrek, terwyl ander Skrifgegewens daarby moet kom.

- Jisreël was 'n vrugbare landboustreek in Kanaän, maar ook 'n plek waar strategiese veldslae gevoer is (Rg. 6:33; 1 Sm. 29:1). In besonder was dit egter ook 'n plek wat Agab tot residensiestad opgebou het en waarby hy die botsing met Nabot beleef het (1 Kn. 21). En oor die moord van Nabot deur Isebel se toedoen, is die oordeel oor die geslag van Agab/Isebel juis aan Jisreël verbind (kyk 1 Kn. 21:22v.—let op die noem van Jerobeam).
- Jehu het 'n opdrag van die Here deur profete Elia/ Elisa gekry om Agab se geslag uit te roei (1 Kn. 19:17; 2 Kn. 9:2). Tog is hier sprake van 'n oordeel oor Jehu (1:4) en die bloedskuld van Jisreël. Dit kom voor asof Jehu se ywer (of in elk geval sy bedoelings) sy opdrag oorskry het. Die godsvrug het by hom ontbreek en so het die bloedskuld van Agab se huis na syne oorgegaan, terwyl Jehu nog Jerobeam se sondeweg voortgesit het (1 Kn. 10:29). Daarom word 'n einde gemaak aan Jehu se dinastie — na Jerobeam II is sy seun net 'n paar maande koning. Daarna is dit 'n vinnige afstroming van waters na die einde (1:4).

Die oordeel bestryk ook Israel self, veral in sy krygsmag (boog verbreek—1:5), in die laagte van Jisreël (waar Gideon vroeër geseëvier het — Rg. 6:33). So kom dan koningshuise en onderdane onder die oordelende roede van God.

God trek lyne deur

Lo-Rugama is die naam wat aan Gomer se tweede kind, 'n dogter, gegee word. 'n Sonderlinge naam vir 'n meisiekind: *Sonder ontferming.* Sal 'n pa sy kind só noem, veral as hy verstaan wat die naam beteken? Maar Hosea kry sy opdragte van God en hy moet maar net gehoorsaam. Omdat in hierdie naam moet die mense beluister wat God oor hulle dink. In die woord *ontferm* sit die gedagte van verbondenheid en dus ook die idee van die verbond: God en sy volk.

Die Here getuig Hy sal nie voortgaan (Ps. 103:13; Jes. 49:15) met sy ontferming nie. Hy het al herhaalde male vergewe, maar sulke optrede sal end kry. *Jepsen* sê hierby: "Die woorde klink hard maar ons hoor die smart van God daarin. En God is nie 'n 'liewe' God wat alles oorsien nie, maar die Heilige wat by sy woorde bly al hou dit ondergang in".

Terselfdertyd word eenkant na Juda gekyk (1:7) — al is daar verklaarders wat dit as 'n vreemde invoeging beskou. Calvyn sê dat God toon hoe Juda ten onregte verag word. Juda kry (nog) ontferming —soos geblyk het uit die wonderbare redding uit Sanherib se hande, omtrent 20 jaar na die val van die Noorderyk of Samaria (Jes. 37).

Dit duur 'n paar jaar voor Gomer se derde kind gebore word (1:8) — volgens gebruike in

Kanaän sowat drie jaar (1 Sm. 1:24). Hierdie seun word genoem: *Lo-Ammi* of *Nie-my-volk-nie* (1:9). God se oordele neem toe in gewig en erns, want hierdie naam sê: *Hy sny die bande tussen Hom en die volk deur.* By *Jisreël* was daar gerig, maar nog liefde; by *Lo-Rugama* word die liefde ingehou; by *Lo-Ammi* word die verbondsbetrekking verbreek. Daar kan selfs 'n woordspeling op die Naam van die Here wees (kyk Eks. 3:6, 9, veral 14) in die stelling: *Ek sal nie julle s'n wees nie* (1:9). Hulle het die Here verag en verloën, en nou trek God van sy kant af net die konsekwensies deur (kyk Mt. 7:21; 9:32v.).

Hierdie gevaar moet ons raaksien en daarvoor bedug wees!

Tog nog troos

Hosea 1 - 3 eindig almal op 'n troosvolle wyse. (Wat by óns Hosea 1:10 -12 is, is in die Hebreeuse Bybel 2:1-3, maar ons lees dit saam met die eerste gedeelte.) Daar word dan tog 'n beter toekoms voorgehou en ons doen goed deur op die volgende ag te gee.

- *Nogtans* (1:10) sê dat in die oordeel sterf mense en is hulle kinderloos, maar die Here hou weer 'n ryke belofte voor. Dit is iets wat herinner aan die Here se optrede met die aartsvaders (Gn. 22:17; 32:12). *Van Gelderen* reken dat die klem val op *kinders,* waarby nie 'n huis of volk nie, maar die individuele gelowiges vooropstaan. Teenoor die dooie en magtelose afgode (1 Sm. 5; Jes. 41:7; Jer. 10:3) staan God as die lewende wat dan ook lewe kan gee.
- Oor die verdeling van Juda en Israel word ook heengekyk (1:11). As die saak met God reg is, kom die onderlinge verhoudinge in orde. Die losskeur van die Dawidshuis het ellende in die land gebring en dié breuk word nou weer herstel. Die *hoof* kan egter teruggryp na 'n figuur soos Moses — en vorentoe wys na Jesus Christus. Sou Simeon nie uit dié stam kon wees en Anna was uit Aser (Luk. 2:25, 36). Terugkeer uit die ballingskap kan selfs gesien word (1:11 — *uit die land)* — soos ook die inbring van heidene en die volheid van Israel (Rom. 9:24).
- Die vloekname vol oordeel word ook in hulle teendeel verander na: *My volk* (sê God) en *Geseënde* (van die Here). Dit lê dalk ook in die naam *Jisreël,* wat oorspronk die gedagte inhou: *om te saai.* Reeds in die dae van Hiskia was so iets van die hereniging in God se diens te sien (2 Kr. 30:1 -11), en hy is die vierde Judese koning wat Hosea by sy inleiding noem (1:1).

Hosea 2:1 - 12

Oproep om te twis

Hoe noodsaaklik dit is dat 'n Skrifteks in sy verband gelees en dat Skrif met Skrif vergelyk word, blyk hier by Hosea 2 duidelik. Ons weet tog dat die Vyfde gebod lui: *"Eer* jou vader en *jou moeder..."* (Eks. 20). Maar hier klink dit: *"Twis met julle moeder, twis..."* (2: 1). Sonder verband gesien, lyk dit na 'n teenstrydigheid — waarby die laasgenoemde beslis by die opstandige jeug in die gevlei sal kom! Neem ons egter die groter geheel in ag, dan is daar sinvolle duiding en aanvulling.

Die profeet Hosea het die opdrag gekry tot 'n huwelik met 'n vrou van ontug (1:2). Daar is ook kinders gebore. Ingevleg by sy persoonlike geskiedenis blyk egter dat dit gaan oor Israel as ontroue vrou van die Here. In wat volg (2:le.v.) word Hosea se lot eenkant gelaat en gaan dit eintlik net om God en sy volk.

So moet ons dan ook hierdie twisopdrag verstaan: nie 'n kind teen sy moeder, nie Jisreël teen Gomer (1:3) nie, maar individuele Israeliete teen die volksliggaam. Dis die eienaardige dat *moeder* en *kinders* beide vir Israel geld, maar uit verskillende hoeke besien. Die swakheid of krag van 'n kerk of 'n volk word uiteindelik deur sy individuele lede bepaal. Daarom roep God deur sy profeet die lede op om te help om sake reg te stel.

Die vrou pleeg egbreuk deur afgode te dien en aan die Here ontrou te wees. Hulle moet *twis* (Gn. 31:36; Neh. 5:7). Soos 'n straatvrou gee Israel haar skaamteloos aan die afgode oor en daarteen moet ingestry word.

Hoe Israel gedink het

Die Here sê sy volk die gerig aan, maar dan nog steeds nié om te verdoem en uit te wis nie. Let maar op die *anders* (2:2). Die kinders moet dus twis, sodat die ma die slegte optrede nalaat. Gebeur dit, dan is daar geen oordeel nie; doen sy (Israel) dit nie, dan sal God met sy gerigte intree.

Die oordele wat Hosea aankondig, toon sy historiese kennis en die band met die verlede waarby God aansluit. Die *dag van geboorte* wys eintlik na Israel in Egipte toe die volk as volk ontstaan het (Eseg. 16:4). Soos wat Israel nie was en niks was voor God ingegryp het nie, so sal die volk (hier die Noorderyk) weer word. Daar kan slegs 'n toespeling op die woestynreis wees.

As God die man en Israel sy vrou is, is dit eintlik ook kinders van Hom. Nou word egter gepraat van *haar* kinders — asof en omdat hulle uit ontug gebore is (2:3). Dit kan terugslaan op Hosea se gesinsgeskiedenis en treurige lot, maar dui in elk geval dat God hulle nie as sy eie kinders erken nie. Daarom ook nie ontferming van sy kant nie. Die vrou en die land word kaal gemaak en die kinders bly dan onversorg agter. *Van Gelderen* sê die woord kinders dui hier nie net afkoms aan nie, maar ook ooreenkoms: die kinders is van dieselfde (afwykende) geaardheid as die moeder, hulle word deur dieselfde (slegte) gees besiel.

Die *skandelike* wat hierdie vrou en moeder gedoen het (2:4), was om haar minnaars op te soek. Daarmee dui Hosea die diens van die afgode van die land aan. In Kanaän is oral plaaslike gode gedien en die oortuiging was dat hulle (die Baäls) sorg vir die gawes in die natuur (brood...). Dit wys op lewensonderhoud *(brood, water),* kleding *(wol, vlas),* en bestanddele vir feesgeleenthede *(olie, drank).* Die *sê* (2:4) kan ook wees *dink.* Sonder die hulp van die Baäls sou daar nie 'n opbrengs wees nie.

Jehu het wel die bepaalde afgodsdiens van Agab/Isebel uitgeroei (2 Kn. 10). Van ouds af was daar egter 'n natuurgodsdiens in die land (Rg. 2:13; 6:25) maar die afgodsdiens het voortgeduur (kyk 1 Kn. 11; 2 Kn. 21:3; 2 Kr. 24:18) in die land. Dit trek nog die gedagtes en

lojaliteit van God se volk weg van Hom af.

Waar God oral sorg

Eers is die kinders aangespreek (2:1) en oor hulle ma gepraat. Nou word die vrou direk aangespreek (2:5 — in 2e persoon: *jou* weg), maar later is dit weer in die 3e persoon (2:6 — sy).

Sy is geneig om weg te loop. Ons ken mos 'n doringtakheining of garingboomkraal — en so iets kom hier ter sprake. Die weglooppaaie word deur God toegemaak (2:5). *Ridderbos* sien hierin 'n aanduiding van die ballingskap, waarby die gerig as tug geld, maar om tot bekering te lei. Die slegte vrou wil nog haar minnaars naloop — of die afgode dien, maar sy kan hulle nie bykom nie. So iets is moontlik by die ballingskap: uit die land uit kan hulle nie die Baäls bykom nie. Deur die nood word hulle weer geleer om na die Here te vra (Deut. 4:30). Die *vorige* man (2:6) dui aan sy beskou haar minnaars ook as man — sy het dus 'n skewe kyk op die afgode wat tog geen werklike gode is nie.

Sy het gereken die natuurgawes kom van die afgode (2:4b). Daarmee het sy nie erken nie (2:7) of misken dat God dit gee. Veelseggend is die *koring* (nie brood), *mos* (nie wyn nie), *olie* (pas gepars) as direkte natuurprodukte wat as sodanig deur God self gegee word. En omdat hierdie dinge verkoop word, kom daar silwer en goud. God gee wonderlike voorregte en dit gaan in diens van 'n afgod — Baäl nou in enkelvoud, gesien as 'n natuurgod. Teenoor die natuurdiens word hier getuienis gelewer dat die Here ook primêr by die natuur betrokke is en groeikrag bied. Hy is nie net God in/van die dorre woestyn (Sinai) nie, maar Hy sorg ook in die natuur van Kanaän.

Gegee en geneem

Wat Israel gesê en wat God daarteenoor gestel het, word nou in oordeelsaankondiging (2:8) saamgevat.

- Daar is sprake van *koring* en *mos* (kyk 2:7). Dit geld by *oestyd* en *bepaalde tyd.* Net omtrent die tyd
- dat die volk reken hulle moeite en werk en diens van afgode lewer resultate, dan neem God dit weg. Hy het dit gegee (2:7) en het dus reg om dit weg te neem.
- Maar ook is daar melding van *wol* en *vlas* (2:4 — waarvan die vrou gemeld het). Sy het haar bedek en
- veilig gevoel, en juis daarby gryp God in om haar kaal te laat uitkom. Skuldige onwetendheid (daarvan dat dit God is wat gee) word dus bestraf.
- Dit moet selfs nog sterker gestel word. *Nou* wil sê dis naby en nie net is sy naak nie, maar in haar skaamte ontbloot — natuurlik oor haar skaamteloosheid.

Andere sal dit sien — dalk wys dit heen na vreemde nasies (kyk Nah. 3:5). *Ridderbos* sê treffend: Wie God vir die wêreld verlaat, maak Hy voor die wêreld tot skande.

Die basiese lewensmiddele word weggeneem. Die volk het gesê: "Dis myne", maar God weet en sê: "Dit is my gawes". Is daar nie meer natuurprodukte nie, dan moet ook al die natuurfeeste verval. God beëindig dus al die heidense feeste en die vreugdes daarby (2:10 — miskien gedans — kyk 1 Kor. 10:7, 8). Dit kan wees dat hierin nog naspeel wat Jerobeam ingevoer het: hy het eie feeste ingevoeg, veral 'n herfsfees, om die opgaan na Jerusalem te keer (kyk ook 9:1; 1 Kon. 12:32). Die feesdae of prettye word deur God uitgeskakel.

So sê die Here

Die Here gaan nog verder as om net die druiwetrosse of die wyn weg te neem. Hy gryp in sodat selfs *wingerdstok* en *vyeboom* self *verwoes* word (2:11). Nie net word die produkte

weggeroof nie, maar ook die produserende bome moet dit ontgeld. Israel het as ontugtige vrou gereken die vrugte is wat die afgode (Baäls) aan haar verskaf — in ruil vir haar offers aan hulle. Dit word *hoereloon* genoem. Natuurlik sou die volk nie hierdie woord gebruik het nie, maar daarvan in mooier taal gepraat het. As die profeet die vrou egter iets laat sê, dan kom die waarheid deur hom uit haar mond uit.

God tree op en gryp in. Die goedversorgde tuin word 'n oop woud wat so agteruitgaan dat dit 'n woeste bos word en die wilde diere daarin te kere gaan. Hoe is Israel nie verwoes en verstrooi in die ballingskap en later nie!

Daardie dae (van vreugde) van die wilde plesiere van afgodsdienste word deur God besoek of gestraf (2:12). Die geestelike hoerery word geteken in die beeld van 'n koketterige vrou, oormatig versier en opgetooi vir haar minnaars. Hoeveel moeite het die sondige Israel nie gedoen om die Baäls te plesier nie — en hoe min wou sy haar inspan vir God se ware diens.

Dis net enkele kere wat Hosea direk dit stel: *So sê die Here* (soos 2:12). Die bedoeling is om te laat blyk dat 'n boodskap deurgegee word. Dit maak nie Hosea se profesie minder in openbaringsgehalte nie. Dalk kom dit omdat sy lotgevalle (met vrou) so korreleer met dié van God en Israel. Maar hy sê dit dan tog die paar maal, sodat dit eintlik meer klem het. *So sê die Here* — hoor dan tog! — dat Hy as God, wat gedra het en versorg, vergeet is.

Gebeur dit nie nou nog baie onder en deur God se volk nie?

Hosea 2:13 - 3:5

Watter lyne God trek

Wat sou tog van die mens word as God die lyne deurtrek soos wat dit eintlik behoort te gebeur? Dink maar aan hoe Hy waarsku en oordeel aansê, hoe die mens altyd weer oortree, en hoe die gerig in werking behoort te tree. Let maar op die *daaroms* (2:5, 8) en hoe God begin optree, waarby die finale slag of uitspraak verwag word. Dit lyk of dit kom (2:13)— waar die *woestyn* weer voorgehou word. Sommige sien dit as 'n verder-dalende lyn, maar dit kan stellig as 'n hoopvolle verandering gelees word. Nog of weer (2:12) is dit God wat optree. Dit lyk asof alles toesak en juis daar en dan klink 'n nuwe stem op en breek die lig deur.

Daar was al sprake van *woestyn* (2:2) en nou weer. Hier lyk dit egter of in gedagte teruggegryp word op Israel se verblyf in die woestyn ná Egipte. Toe het God 'n begin met sy volk gemaak en nou word 'n nuwe begin aangedui. Dit kan wees dat die ballingskap as deel van die saak dien. God straf, maar betoon juis daarin sy liefde, omdat Hy Israel van vervreemding red en weer aan Hom bind. *Na die hart spreek* (2:13) sê dis vriendelik, bemoedigend, troosvol (Gen. 34:3; Rg. 19:13; Jes. 40:2).

Die Here het die *mos* teruggeneem (2:8) en die *wingerdstok* verwoes (2:11) en nou gee Hy *wingerde* terug (2:14). Die *dal van Agor* wys stellig op Agan se sonde (Jos. 7:26): Israel se intog is daardeur gestrem, soos 'n ondeurdringbare muur, maar God maak vir sy volk die deur oop. (In finale sin kan ons dink aan Golgota en Jesus as die deur — Jh. 10.) Die *antwoord* kan wys op beurtsang (kyk Ps. 136) en gelees word: *singende* (kyk Eks. 15). Die feestye was weg (2:10) en nou antwoord die volk op God se roep en doen dit feesvierend.

Binne en buite

Hosea gebruik die uitdrukking *spreek die Here* die eerste keer beskuldigend en oor die verlede (2:12). Nou weer (2: 15) versekerend en oor die toekoms. Die besondere en andere-uitsluitende verhouding (soos man/vrou) kom weer terug. Israel sal die Here weer noem: *My man* — wat getuig dat sy Hom ken, eer, liefhet (kyk 2:1). 'n Huwelik word tog opgebreek as 'n derde in die prentjie kom. Daarom sal selfs moontlike vermenging van die ware godsdiens en Baäldiens nie meer voorkom nie (2:16; Eks. 23:13b; Ps. 16:4; Sag. 13:2).

Die saak van die ballingskap is oordeel oor die afdwaling van die Here. Maar dit dien ook as tugmiddel om terug te lei en te suiwer. Dis stellig die agtergrond van hierdie skildery. Daarom kan ons bespeur dié gedagte dat Israel tot die Here terugkeer en dat Hy na die land terugbring. Die *verder* (2:17) sê naas die inwendige verandering sorg die Here ook vir uitwendige verbetering. Baie uitdruklik staan telkens *Ek* — God tree drie keer op, gestel in drie verskillende werkwoorde.

- Daar kom 'n verbond met die natuur of diere sodat die bedreiging uit dié oord uitgeskakel word (kyk 2:11; Lv. 26:6; Jes. 11:6; Eseg. 34:25).
- God skakel stryd onder mense uit (Jes. 2:4; Sag. 9:10) as Hy oorlogstuie verbreek *(boog, swaard).*

  Eers ná vrede met God kom vrede tussen mense.
- Daarmee verseker Hy dat hulle veilig woon. Hy begin nou in hierdie tyd, maar die volheid is ná die vernuwing van alles. Volkome gehoorsaamheid is tog immers dan eers moontlik.

Wat genade bewerk

Israel was as vrou van die Here aan haar man ontrou en het dus gehoereer. Wanneer Hy weer nuut met sy volk begin, is dit soos 'n jong man wat hom aan 'n vrou verloof. Hoe

ingrypend God dit doen, blyk onder meer daaruit dat tot drie keer (kyk Num. 6:24e.v.) gesê word: *Ek sal my verloof* (2:18, 19). Die verhouding is weer jonk en fris, vol vreugde en blye uitsien. God wat begin en optree, is die enigste hoop vir die gemeente. En dis asof Hy 'n rykdom van gawes uitdeel. Daarby gaan dit om meer as die uitwendige (2:17), want dis genade van die Godsryk. Dit sal ook nie 'n einde hê nie *(vir ewig).*

Wat God in die verhouding skenk, is oorvloedig ryk:

☞ *Geregtigheid:* die regte verhouding tot God wat van Hom kom en seëninge inhou.

☞ *Reg:* God gee 'n regsorde onder die volk.

☞ *Goedertierenheid:* liefde in hoogste sin as liefdevolle, helpende bereidheid tot diens.

☞ *Ontferming:* barmhartigheid, soos dié wat 'n ouer beweeg en laat optree.

☞ *Trou:* God bly dieselfde en Hy is self waarborg dat die voorgaande alles so is.

Die gevolg hiervan is dat die Here *geken* word. Dit hou méér in as net *weet* van Hom. Dis ook: heeltemal en alleen op Hom gerig, soos by vrou en man. So ïs die volk nie net *ontvangend* nie, maar self *optredend* in die verhouding. Genade maak nie sorgelose mense nie, maar laat dankbaarheid lewe.

Kettingaksie

Hoe God werk, in die versorging van sy volk, blyk nou verder baie duidelik. Een werkwoord *(verhoor)* word herhaal, dog telkens met 'n ander onderwerp wat dit doen. Die saak is so belangrik dat hier nogeens duidelik staan *spreek die Here* (2:20). Die aksie begin by Hom en gaan voort in die hele ketting van aksies daarna — eintlik is dit Hy wat dwarsdeur verhoor, is dit sy krag wat alles deurdring (2:20, 21).

Ons sou dit vanuit natuurlike of menslike standpunt kan omdraai: Israel soek kos (koring, mos, olie) en verlang van die aarde om dit te lewer. Die aarde kan niks opbring sonder reën en seën van die hemel nie. Die hemel is magteloos sonder God. Daarom verhoor God die hemel, dié (en Hy) die aarde, dié (en Hy) koring, mos olie, dié (juis Hy) die volk wat wag en roep. Het Israel met die Baäls (natuurgode — 2:4) klaargekry deurdat God daaraan 'n einde gemaak het (2:16), dan hoor Hy en skenk ook die rykdomme van die natuur waarvoor Kanaän bekend was (Dt. 28:12).

Israel word hier *Jisreël* genoem. Dit wys terug, ook in Hosea se geskiedenis (1:4). Maar Jisreël sê ook: *God saai* (2:22) wat hier positief en aansluitend gesê word. Dit dui ook aan dat God sy volk sal vermeerder (1:10). Groot klem lê hierby op die *my* volk en *my* God — wat teruggryp op die verbondsbegin (Deut. 29). Al die negatiewe in die kindername vervat, word positief gestel:

— *Jisreël* (1:4) word: *Ek sal saai.*

— *Lo-Rugama* word: *Ek ontferm My.*

— *Lo-Ammi* (nie my volk nie): *Jy is my volk.*

Israel beantwoord dit positief: *My God!* Dis duidelik. God gaan voor, ons stem in geloof toe. En in die *my God* lê die verwondering, beskaming, verootmoediging, dankbaarheid, jubeling.

Profeet moet weer optree

Die profeet Hosea tree nou self eers weer op die voorgrond, nadat die verhouding God/Israel die volle aandag gehad het (3:1-3): *Gaan nog 'n keer, bemin...* Let hierby op die volgende:

- Dis nie bepaal of dit weer oor Gomer (1:3) gaan nie en menings hieroor verskil. Dié vrou is in elk geval skuldig aan hoerery. Dit kan wees dat sy só verval het dat sy 'n slaaf geword het. Die prys wat Hosea betaal, kan saamgereken (in geld en goed) uitwerk op 30

sikkels — die prys van 'n slaaf (Eks. 21:7, 32).

- Hosea word nie gesê om 'n vrou te *neem* nie (1:2) maar om *nog 'n keer te bemin.* Dit kan na dieselfde vrou heenwys.
- Gou kom Israel en die Baäldiens weer in die prentjie — om die sonde te ontbloot en dalk om die sinnelikheid van die vrou en volk te stel. Die rosynekoeke het iets daarmee te doen, al weet ons nie presies hoe dit inpas nie.
- Hosea neem haar tot hom, maar sy verkry nie dadelik alle huweliksregte nie. Sy en die volk moet 'n wagtyd in afsondering deurmaak. Dis liefde wat skei van die sonde — of soos Frey sê: *"Ja"* vir die sondaar (sy word opgeneem) en *Nee* vir die sonde (sy word daarvan geskei)".

Vandag is die onderskeiding nog nodig!

Doel van God

Hosea se huweliksmisère dien direk weer as aanduiding van die volk en hulle God. Verhoudingsgewys leef 'n volk langer as 'n mens en is die dae van onthouding vir die volk ook meer (3:4). In elk geval dien dit om terugval in sonde teen te gaan. Enkele punte verdien besondere vermelding (3:4, 5).

□ Die afval van Dawid het ook afgodsdiens meegebring (1 Kon. 13), en dit gaan hier om Israel. Uiteindelik sal hulle weer dié koningskap aanvaar — dalk eers in Christus en na die Dag van die Here (laaste dae — 3:5). Die staatswese sal onreëlmatig wees.

□ Dit geld ook van die kultus, in sy Ou-Testamentiese vorm *(slagoffer).* Die *klippilare* doen vreemd (heidens) aan, maar daar was so iets in die regte godsdiens (Gen. 28:18; Eks. 24:4). *Efod en huisgode* kan op vermenging van wettige en onwettige gebruik (Gn. 31:19; Rg. 17:5; Eseg. 21:21) terugslaan.

□ Die belangrike saak is verder dat Israel hom *bekeer* (kyk Am. 4:6; Jes. 7:3). *Daarna* is belangrik — God se gerig werk bekering: *hulle soek die Here,* en *Dawid* (Jer. 30:9). Die *aankom met siddering* (of bewing) sê: hulle beef voor God se heiligheid (en hulle sonde), sidder uit angs (oor hulle hulpeloosheid) en is vol van vreugde, oorlopenstoe vol van blye beweging. God skenk genade.

Hulle is bly.

Hosea 4

Hoor, Israel!

'n Profeet dien as mond of mondstuk van die Here. God praat deur so 'n mens om daarmee 'n boodskap aan sy volk deur te gee. Hosea het eers gestel hoe die woord van die Here *tot hom* gekom het (1:1) en in opdrag moes hy ook bepaalde dinge doen. Nou begin 'n nuwe deel van sy profetiese werk, as direk aan Israel gesê word: *Hoor die woord* (4:1). Die *kinders van Israel* word aangespreek en dit wys op die Tienstamme- of Noorderyk.

Die Here, God van die verbond, hou gerig soos 'n hofsaak (ook Miga 6:2). Ons kan dit so voorstel. Hy sit as regter, die profeet tree volgens sy opdrag op as aanklaer, die inwoners is die beskuldigdes. Die klagstaat stel dat drie dinge in die land ontbreek:

- *Trou.* Dit beteken: waaragtigheid, opregtheid, betroubaarheid, eerlikheid onder mekaar of tussen mense. En dis tog verskriklik as mense onderling altyd mekaar moet wantrou.
- *Liefde.* Dit is: goedheid, welwillendheid, as 'n innerlike geneentheid teenoor andere. Sonder hierdie twee is geen gemeenskap of samelewing tussen mense moontlik nie. (Is dit nie wat tot baie egskeidings vandag lei nie?)
- *Geen kennis van God nie.* Dit wat derde genoem is, is eintlik die wortel of grond van die andere. Waar mense van God vervreem is, lei tot verwildering, wantroue en botsings.

Daarteenoor word die oortredings gestel (4:2) en dit in 'n werkwoordvorm wat sake benadruk: *Sweer...* Dit begin by 'n oortreding teenoor die eer van God se Naam (of 3e gebod). En waar God se diens skade ly, breek die samelewing in stukke, soos blyk uit gebrek aan liefde tot die naaste (of 9e, 6e, 8e, 7e gebod). *Hulle* breek in, kan wys op *mense* of op die sondes. Die situasie ná Jerobeam II se dood (1:1 en 2 Kn. 15:8e.v.) pas nogal hier: konings word vermoor en deur moordenaars opgevolg.

Die sedelike verwildering onder mense bring verwoesting oor die natuur (4:3). (In ons tyd is ons bewus van ekologie of die samehang in die natuur en hoe die mens verniel en verwoes — soos bv. blyk uit die bevuiling van riviere.) Dit raak alles: die land, wild op die grond, voëls in die lug, en selfs visse in riviere en mere. Hier kan aan 'n groot droogte gedink word.

Ken in hart en lewe

Die *uitdeel* van berisping is iets wat mense wel graag doen. Maar ewe ongraag is hulle om die berisping te *ontvang.* Iets hiervan vind ons hier by Hosea 4:4. Daar is sonde in die land en die kwade invloed reik ver en diep (4:1-3), maar die volk weier om daaroor aangespreek te word. Die priesters behoort die volk te onderrig in die wet en mede as regters oor sake te beslis (Deut. 17:9). Die volk weier om gesê te word, maar wil graag andere (selfs priesters) iets aansê.

Opvallend is die herhalende opneem van 'n woord (4:5, 6) waar die priesters (of 'n priester as verteenwoordiger) eintlik aangespreek word. Let maar op die *struikel/ struikel, te gronde gaan, kennis, verwerp, vergeet.* Die *bedags* en *snags* bevat iets van 'n woordspel, maar dui ook aan dat dit *enige tyd* en *deurentyd* sleg sal gaan. *Jou moeder* (4:5) sien *Van Gelderen* as die priestergeslag van die Noorderyk (kyk 2 Kron. 11:15) wat nie priesters van die Here was nie. Andere lees dit van die volk as geheel, en die noem van *die volk* (4:6) dui in dié rigting.

Bekyk Hosea die volk in sy afval, dan sê hy (aan die priester) *jou* volk (4:4), maar van God se kant word nog gestel *my* volk (4:6). Daar was al 'n klagte dat kennis van God verdwyn het (4:1) en nou word dit beklemtoon: die volk is bedreig weens gebrek aan kennis (4:6) —van God en sy heil (kyk Dt. 30:15). Die priesters gee nie die regte leiding en onderrig nie. Hoe sou hulle eintlik anders kan terwyl hulle deel was van 'n hele afgodiese stelsel (ingevoer

deur Jerobeam)? En die woord *kennis* sê hier nie nét of eerstens met die verstand, logies, redenerend nie — maar met die hart, met vertroue en oorgee van die hele lewe (Spr. 3:6).

> So baat 'n goeie feitekennis van die Skrif ons nie, as ons dit nie in ons lewe aanvaar en opneem en belewe nie.

Anders bring dit groter afval en erger straf deur God — van priesters en volk — mee (4:7).

Paaie van afval

Die Leviete en priesters het geen aardse deel (bv. in die land) gekry nie maar moes lewe van die dankgawes van die volk (Nm. 18). Dele van sekere offers het ook na die priesters gegaan (Lv. 5). Nou het dié toestand voorgekom dat die priesters dit verwelkom het as die volk sondig, omdat hulle dan daarna dele van die sondoffer kon kry (4:8). Watter toestand: hulle gaan nie die sonde teen, deur onderrig en vermaning nie, maar verlekker hulle in die sonde. Sulke offers is vir die Here 'n gruwel (Amos 5:22) — soos iemand aangemoedig word om te dobbel, sodat hy uit die wins aan die kerk kan gee!

Priester en volk sal saam omkom deur die gerig van God oor hulle (4:9). God laat nie die afwyking en sonde ongestraf nie, want hulle behoort as volk van die verbond soos kinders en knegte van die Here te lewe.

Die oordeel tref in praktiese sake:

- *Eet en nie versadig raak nie,* wat meer pertinent van die priesters kan geld (4:8). Dit kan op 'n hongersnood wys (Miga 6:14; Lv. 26:26) of aandui dat die heilsame uitwerking van kos net uitbly (Job 20:14): steeds bly hulle onversadig (Ps. 127).
- Die *hoereer* kan letterlik of in figuurlike sin bedoel wees (1:2) en in elk geval is die straf dat die seën van kinderrykheid wegbly (en dink aan die belofte aan Abraham).
- Die oorsaak van die oordeel van God word weer gestel. Hulle eer nie die Here nie deurdat hulle die afgodsdiens ywerig soek.
- Opgaan in die sinlike en oorgee aan drank neem die hart in beslag (4:11), sodat daar nie tyd of aandag vir God beskikbaar gestel word of oorbly nie.

Afval onder volk

God is nog steeds bekommerd oor sy afwykende en verloregaande volk — soos die vader oor sy verlore seuns (Luk. 15). Daarom hekel Hy wel die sonde maar praat nog van *my* volk (4:12). Israel moes hom van die heidense nasies onderskei het en hom van hulle afgodsdienste afgeskei het. Tog het hulle in allerlei verkeerde dinge verval:

- *Die volk raadpleeg sy hout.* Dit kan wys op diens van die gemaakte afgodsbeelde (Jer. 2:27). Miskien ook wat genoem word *rabdomantie* — of voorspelling met *stokke* wat laat val word en soos dolosse op dinge sou wys (Esg.21:21).
- 'n *Gees van hoerery kan weer inhou:* werklike ontug of prysgee van die Here as 'n oortreding van ontrou gesien — of natuurlike albei (2:12).

Kanaän was vervuil van afgodsdiens wat deur sy aantreklikheid vir die laere drifte van die mens, maklik aftrek gekry het. (Iets daarvan sien ons in die koerante, advertensies en televisie waarby die vroulike liggaam uitgebuit word — asof die diens van Astarte lewe in ons tyd.) Daar was toegelate altare (1 Kon. 18:30) maar veral ontoelaatbare altare en offers vir afgode. Dit was op heuwels (nader aan die hemel of meer sigbaar), of by groenighede (as tekens van vrugbaarheid, of waar koelte in die brandende somerhitte lafenis gebied het — 4:13). Pleks van teengaan, laat ouers toe dat hulle dogters hulle reinheid en vroulikheid in die gruwelike afgodsdienste prysgee.

Wat die jong vroue doen, was erg genoeg. Maar hulle word eintlik oorgesien, omdat die ouere mans — wat beter behoort te weet en doen — self lustig vooropgaan (4:14). Priesters,

mans, vroue staan almal deur hulle sonde skuldig. Die volk as geheel is sonder insig en moet ondergaan.

Watter waarskuwing vir alle tye en besonderlik nou!

Leer tog van ander

Hosea het met die Noorderyk te doen, maar kan net nie nalaat om vandaaruit die waarskuwinge van die Here teen Juda in die suide te laat hoor nie. Hulle deel een land, en kan dus deur die land en die afgodsdienste van hulle eie volksgenote verlei word. (4:15). Erg genoeg as Israel dit doen — hulle wat van Dawid en Jerusalem en die tempel weggebreek het. Maar baie erger as Juda — waar God nog onder hulle in die tempel vertoef — ook die afgrondspad wil loop.

Efraim (4:17) staan as een stam vir die geheel van die Tienstammeryk. Hulle word geteken soos 'n dier wat nie onder 'n juk wil kom nie (daar is ook met koeie geploeg) of wat al maar stroomop is (Sg. 7:11). Terwyl hulle wild wil wees, laat God hulle begaan om tot prooi van wilde diere te word *(soos 'n lam in die oop veld,* 4:16; Ps. 23). Drank en ontug is dinge wat lankal en maklik saamloop (4:18) —want as die verstand en onderskeidingsvermoë benewel raak, kom ontug soveel makliker voor.

Al hierdie dinge behoort 'n waarskuwende les vir Juda te wees. Kyk tog, en vermy die paaie! Daar is onsekerheid oor watter *Gilgal* (4:15) presies bedoel word. Vas staan wel dat dit te doen het met godsdiens anders as wat die Here bepaal het — soos deur Jerobeam ingevoer. Oor *Bet-Awen* is die menings dat dit eintlik 'n woordspeling bevat: nié meer *Bet-el* of *huis van God* nie, omdat dit 'n afgodshuis geword het. Mens kan nie afgode wil dien en nog ewe vroom by die Here wil sweer nie. Dis vloek teen God. Dan bly die straf ook nie uit nie.

Hoe baie sondes is daar nie van onsself, ons kerk, ons volk, ons owerheid waarvoor ons God om vergewing moet smeek nie?

Hosea 5

Hoor dit!

Die presiese tyd van die onderskeie stukke van Hosea se profesieë word nie aangedui nie. Net dat sy werk oor sowat 25 jaar strek (1:1), word vermeld. Pogings van verklaarders om dit aan gebeure te verbind (bv. 5:8 en 2 Kn. 15:37 en 16), bly dus blote raaiwerk. En vir ons doel is dit ook nie van soveel belang nie. Dis in elk geval in godsdienstig troebele tye en voortgaande staatkundige aftakeling. Daarin het dit wel deeglik betekenis in ons dae, omdat dit met mekaar verband hou.

Hosea sê kortweg: Hoor *dit* (5:1). Dit kan wys op wat volg of terugslaan op wat pas gesê is. In beide gaan dit oor volksafval en Godsoordele. En al meld Hosea dit nie direk dat *God spreek* nie, blyk dit duidelik uit die herhaalde *Ek* (5:2, 3, 9, 10, 12, 14 (met klem), 15). Vir die profeet is dit dus vanselfsprekend dat God deur hom praat.

Die *priesters* is al genoem (4:9). Hulle moet nou goed luister. Ook die hele Tienstammeryk of *huis van Israel.* Dit kulmineer in die *huis van die koning* — dis nie net die familie maar ook hofhouding en beamptes. *Die vonnis raak julle* kan inhou: hulle moet eintlik regspraak beoefen. Terwyl dit nie gebeur nie, tref die oordeel hulle.

Die rede daarvoor blyk dan. Daar staan dan nie *soos* 'n vangnet, dus as beeld nie. Maar direk julle *is* dit. Hulle optrede laat die volk in 'n *vangnet* beland. Ons weet nie wat dit presies is nie, maar die geheel sê wel dis die voorgaan in goddeloosheid. Mispa en Tabor is hooggeleë en sou gepas wees insake die vang van voëls en die afgodspraktyke. Die afvalliges doen verkeerde dinge (5:2).

Die vertaling van die laaste versdeel bied probleme. *Van Gelderen* lees: *terwyl Ek vir álmal uitgeskakel is.*

Dit staan vas dat daar 'n afstand tussen God en hierdie deel van sy volk is, en dat Hy teen hulle sal optree.

Uiteinde van sonde

Die volk ken die Here nie meer nie (4:1, 6). Maar die Here ken hulle deur-en-deur: alle afwykinge en afdwalinge bemerk Hy (5:3). *Efraim* word eerste genoem, as leidende en naamgewende stam. Direk daarby dan *Israel* om te laat blyk dat dit tog oor almal gaan. Dieselfde herhaling 'n tweede keer in dieselfde vers. Hierin sit iets van profetiese parallellie maar ook van beklemtoning.

Dit waarin *Hosea* begin het: die ontrou van vroue (Gomer en Israel—1:2; 2:1), kom weer duidelik na vore. 'n Vrou pleeg tog owerspel as sy aan haar eie man ontrou is en haar aan 'n ander oorgee. Dit is ook wat by afgodspraktyke gebeur.

Maar wie van God wegbreek, word nie vry nie, omdat die knegskap en slawerny dan aan die sonde bind (5:4). Eers is hulle lekker op die verkeerde pad, om later uit te vind dat hulle sonde so 'n muur gebou het dat hulle nie na God toe kan teruggaan nie. So is hulle dan oorgelewer aan die mag van die sonde. Hoe sou hulle ook kan terugkeer na of hulle bekeer tot die Here terwyl hulle Hom nie ken of herken nie (kyk Hebr. 6 hierby)? Die mens wat in sonde geval het, kan uit homself nooit die pad na God terugvind nie!

Intussen is dit ook so dat dit 'n trotse mens is wat God nie in sy lewe wil erken nie. So is hier sprake van Israel se *trotsheid* (5:5) wat 'n slegte getuienis teenoor hulle laat uitgaan. *Trotsheid* en *ongeregtigheid* is twee kante van dieselfde valse muntstuk. Dis weer Israel en Efraim, wat gelees kan word: *Israel, veral Efraim.* Daarnaas loop *Juda* gevaar om dieselfde verdwaalpad op te gaan.

God lankal weg

Iewers moet daar darem nog so 'n besef wees dat hulle die Here nodig het. Miskien juis as die teenslae kom en hulle sy hulp nodig het. Dan reken hulle om die saak weer reg te stel deur offers aan die Here te bring (5:6). Dit gebeur egter by die verkeerde plekke (kyk Amos 5:4)—want daar was geen suiwere godsdiens in die Noorderyk nie. En hulle kom op die verkeerde manier (Ps. 50)—terwyl Hy nie net diereoffers vra nie maar die hart, en terwyl Hy wil hê dat hulle sy aanspraak oor hulle hele lewe moet erken.

Die skriklike toestand is dat *God* Hom lankal *aan hulle onttrek* het — en hulle was nie eens bewus daarvan nie. Eers toe die nood kom en hulle weer na Hom begin soek het, het hulle bemerk dat Hy nie na hulle luister nie. Watter skokkende ontdekking!

Hoe dit gekom het, word duidelik (5:7). Dis hulle wat ver van God afgedwaal het (4:12). Weer die gedagte van 'n slegte vrou wat rondloop (Jer. 3:20; Mal. 2:14). Dis die mans en vrouens van Israel wat ontrou is in die verwekking van onegte kinders (4:14), wat niks van die Here af weet nie.

God se straf bly nie uit nie. Die sprake van *nuwemaan* gee probleme in die verklaring. Verskeie moontlikhede word daarby genoem.

- Dis iets van die feeste, meer in besonder van die hele afgodskultus van vrugbaarheid, waaraan hulle lustig meegedoen het en wat die toorn van God ontlok.
- Dit dui op 'n oordeel wat binne 'n maand kom en so seker soos die maanwisseling.

In elk geval hou dit in die branding van God se oordeel wat verterend werk, oor mense en selfs hulle land.

Dreiging en oordeel

Die basuin is by gevaar geblaas (5:8). Iets besonders is die plekke wat genoem word. Die drie plekke (Bet-Awen staan vir Betel) lê eintlik in Benjamin se gebied en direk noord van Jerusalem. (Kyk maar op die kaart agter in die Bybel.) Dit word dus waarskynlik so voorgestel asof daar 'n vyand vanaf die suidekant teen Efraim/Israel opruk. Dit lewer probleme vir die verstaan en Skrifverklaarders bied allerlei daaroor aan. ... Dit het te doen met die stryd tussen Juda en Israel

(2 Kn. 15 en 16), waarby vanuit die noordekant 'n aanval na die suide sou gegaan het en dit hier om 'n omkering van die stryd handel. Gegewens in die historiese Bybelboeke oor so iets lees ons nie. ... Dit sou wys op die koms van Egiptenare teen die

noorde. Gegewens ontbreek en dis ook nie juis waarskynlik nie (bv. oor die roete). .. *Agter jou kom dit, Benjamin* word gesien *(Van Gelderen)* as 'n soort slagspreuk (kyk Rg. 5:14b) waar by Efraim egter nie besield betrokke is nie dog in benoudheid verkeer.

'n Moontlike betekenisduiding is dat die optrek uit die suide sien op die Godsgerig teen die afgodsdiens, soos in Betel vergestalt (1 Kn. 12:29). God herinner sy volk daaraan dat Hy in en deur die geskiedenis handel.

Die straf was nog 'n dreiging (5:7) maar nou word dit werklikheid (5:9). Dis nie net 'n verbygaande tugtiging nie (kyk ook Dt. 28:59)—Efraim bly verwoes agter. God stel dit bekend — Hy wat bepaal en Hom nie straffeloos eenkant toe laat skuif nie. Die bedreiging geld ook Juda (5:10). Die grenslyne kan wys op *werklike grense* (van plase, lande — Dt. 19:14) of op die *geestelike grens,* tussen die Here en Baäldiens, wat deur die vorste uitgewis word. 'n Watervloed oorstroom alles en vat weg wat voorkom — so maak die grimmigheid van die Here.

God tree op

Die oordeel oor Efraim is eintlik onafwendbaar (5:11). Te lank het hulle — deel van die ou

verbondsvolk — verkies om op die sondepad te bly gaan. Dit kan wees dat dit op 'n inval van vyande sien (2 Kn. 15:19), maar hulle moet weet (deur Hosea) dat God selfs agter dié gebeure skuil.

Dit blyk nog sterker as die Here sê hoe Hy self teen Israel werk (5:12).

- *Soos 'n mot* (Job 12:28; Ps. 39:12). Dis 'n vernielende werking wat van buite af kom, maar wat tog in stilligheid werk, want as jy weer kyk, val daar gate uit 'n kledingstuk uit.
- *Soos 'n verrotting* (Spr. 12: 4; 14:30). Dink aan kouevuur (gangreen) of kanker.

Dit doen die Here self, van buite en van binne.

Wat doen die volk dan? Hulle soek genesing en beterskap by vreemde magte (5:13). Efraim gaan na Assur — dink maar aan die afkooptribuut wat hulle betaal het (2 Kn. 15:19). Daar is nie 'n koning bekend met die naam *Jareb* nie. Dit kan ook 'n spotnaam wees (soos Bet-Awen) en wil sê: *Koning Strydlus* — om daarmee die oorlogsugtige Assiriese konings aan te dui. Tevergeefs is dit egter: die Here straf, hoe sou buitelanders nou kan help!

Met veel meer klem en erns beklemtoon die Here hoe Hy teen die volk optree. Nou soos 'n woeste, verskeurende *leeu* wat prooi soek (5:14). Nog steeds gaan dit oor Efraim én Juda, al is Hosea se werk eintlik op die Noorderyk gekonsentreer. Let tog op die sterk: *"Ek, Ek* verskeur ... *Ek* dra weg ..." *Van Gelderen* sê hierby:

Wie nie by God redding soek nie, *het* geen redding nie; en wie elders hulp soek, ervaar die Here as 'n verskeurende leeu in sy lewe. (Terloops kan nou reeds op die kontras in 6:1 gewys word.)

Miskien kom daar nog iets van die beeld daarby: die leeu het prooi gekry en trek hom majesteitlik terug (5:15). God onttrek Hom aan sy volk (kyk Eseg. 10:19; 11:23) — so asof die Here na die hemel terugtrek en die volk in hulle sonde en aan hulle ellende oorlaat. Tog is daar weer 'n afsluitende klank van hoop: *totdat.* Hulle moet eers skuld beken en God weer soek, wat in hulle nood sal gebeur.

Laat God Hom nog vind (kyk 5:4, 15)? Die toekoms (6:le.v.) leer dit. Ons weet dit deur Jesus Christus. Maar dan moet daar van sonde afskeid geneem word.

Hosea 6

Wegvlug en toevlug

Daar is net een moontlikheid om van God weg te vlug en dit is om jou toevlug by Hom te soek. Dit is 'n waarheid wat die Skrif telkemale beklemtoon — stellig omdat dit so deel van die sondige menswees is dat jy poog om aan God te ontkom of voor sy alsiende oog weg te vlug. Dink maar aan Psalm 139: hoog geklim of laag geduik — nêrens of God is jou voor waarheen jy ookal gaan.

Hosea beduie hoe God soos 'n mag is wat van binne uit en van buite af teen die afvallige volk woed — en Hom terugtrek in afwagting dat hulle Hom weer soek (5:13-15). God weet dit sál gebeur. Dit is waarmee die volgende deel van die profesie begin. Direkte woordaansluiting kom selfs voor *(verskeur* — 5:15; 6:1) en so pas die profesieë saaklik bymekaar aan, al weet ons nie van die tydsorde nie.

Die aanvangsin is sterk, as 'n onderlinge opwekking, waarby ons moet aanvaar dat dit die volk is wat so praat (6:1; Jes. 2:5). Belangrik is dat hulle erken dat hulle afgedwaal het, maar verder dat die Here van die verbond nog aan hulle bekend en binne hulle bereik is. Hy bly dieselfde; dis hulle wat afgedwaal het. Selfs al het hulle gesondig, sodat God móés slaan en verskeur, glo hulle dat by berou en skulderkenning sal Hy die saak regstel.

Hulle het eentyd geweet hulle is siek (5:13) en het toe na vreemde dokters gegaan. Nou kom die belydenis dat God die enigste en ware heelmeester is (ook 7:1; 11:3; Eks. 15:26; Dt. 32:39). Die oordele van God het dus soos tug gewerk — om nader na God te trek en van afvalligheid terug te bring.

Watter genade as die slanende hand van God dit kan bewerk: bekering en nie verharding nie.

Lewe na die dood

Daar is vertroue dat God sal herstel of *lewend maak* en *laat opstaan* (6:2). Dit dui aan dat dit nie net 'n siektetoestand was nie, maar veel erger: dat die volk dood is (kyk Ps. 71:20; Ef. 5:14). In hierdie woorde van Hosea kan gesien word so iets soos 'n voorspel van die groot drama wat Esegiël 37 laat opvoer.

Iets van 'n getalspreuk kom daarby voor: *ná twee dae... op die derde dag.* Dit is nie: *na twee, na drie* nie, maar *ná twee... óp die derde.* En onder Skrifverklaarders was en is daar groot verskil oor die werklike draagwydte daarvan:

— Reeds oud is die gedagte dat dit heenwys na die periodes van die gevangeskappe of van drie tempels van Israel.

— Nog een meen dis lank (om dit te vergelyk met die 3½ periode by Daniël 7:25; 12:7).

— Dit sou op 'n baie kort tydjie dui. So iets van: die tweede dag is môre en die derde dus oormôre.

In elk geval moet die *lewend maak* en *opstaan* saamgelees word. Die gevolg daarvan is verder dat die volk nie meer op die sondepad gaan nie, maar voor God se aangesig leef (kyk Gn. 17:18; Nm. 18:19) —dus so dat hulle durf dat Hy hulle sien en dat daar uitstraling van sy genade is.

Die gebrek by die volk was voorheen 'n tekort aan kennis van of oorgawe aan die Here (4:6; 5:4). Nou spoor hulle mekaar met klem en herhaling aan om die Here te ken (6:3). Dan verwag hulle die goeie van die Here, dat Hy terugkeer met heil, soos dagbreek na die nag. Verder dat Hy sy weldadigheid deurentyd en verkwikkend bring *(reën* en *laat reëns* — 2 Sm. 23:4; Ps. 72:6; Joël 2:23).

Sommiges lees in hierdie verse 'n aanwysing van die opstanding van Christus. Dit sal stellig nie gedoen kan word nie, want dit gaan hier om die herstel van die volk en nie oor individuele opstanding nie. Christus se opstanding en bring van heil werp egter lig hierop.

Menigtes bly onbekeerd

Die voorneme en onderlinge aansporing van die volk is goed (6:1-3), maar die beoordeling deur die Here toon aan dat dit nog ver van die merk af is (6:4). Hiervan sê Skrifverklaarders dit:

- Die berou van die volk is oppervlakkig en verganklik, soos ook daaruit blyk dat daar geen sprake van skuld en vergifnis is nie (14:3; Ps. 51).
- Die massa het ja gesê, maar die belydenis word nie deur die regte lewe versier nie.

Die beelde wat gebruik word, wys op iets wat vlugtig is en gou verdwyn:

— *Môrewolk.* Wolke kom wel van die see die land in, maar word in flarde geskeur en verdwyn oor die warm bergland. Dink ook aan iets soos oggendmis hier by ons.

— *Dou* lyk pragtig en is verfrissend, maar dit bied geen vaste bron van water vir plante nie.

Dit is dan die karakter van die liefde van die volk — of van hulle verhouding tot God en hulle medemense: 'n toewyding wat sommer vervaag en verdwyn.

Calvyn merk hierby dit op:

- By dreiginge deur die profeet word dit tog versag om genade vir die boetvaardiges te laat deurskemer.
- Kom die genade na vore, dan is daar steeds beswaar teen skynheiliges. Hier by Hosea het ons met die tweede geval te doen.

Israel het hulle nog nie dwarsdeur en grondig bekeer nie. Daarom sê God deur Hosea *daarom* (6:5). Profete mag dalk net woorde bring, maar dis wesenlik hamerhoue waarmee God slaan (kyk Jes. 11:4; 49:2; Jer. 1:10; 23:29). Die *dood* kan sê dat dit letterlik gebeur of dat die hoogheid verpletter word. God laat nie met Hom speel nie en net sy woord, deur die mond van 'n swak mens, slaan al in en deur.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees sê.

Lewe as offer

God het die offerdiens deur Moses by Sinai laat instel en verder uitvoerige instruksies daaroor gegee (Lv. 1-10). Nou lyk dit asof Hy deur die profeet verklaar dat Hy nié offers verlang nie (6:6). Die fout lê egter by die manier waarop die volk offer: dis net uitwendig sonder offer van die hart en dis ontbloot van die regte gesindheid van oorgawe van die lewe. God vra nie *offerande* (enkelvoud: slagoffer, waarvan mense ook mog eet) of *brandoffers* (meervoud en hele offer op altaar) uit en as menslike prestasie, terwyl die hart op sonde-paaie bly dwaal nie.

Die volk het die hele godsdiens veruitwendig. Maar God soek die oorgee van die hart en daarmee die hele lewe (kyk 1 Sm. 15:22). Die *liefde* tot God gee jouself en probeer nie met minder wegkom nie. Die *kennis* wat ontbreek (4:6) is nodig om Hom waarlik te dien.

Die sprake van *Adam* (6:7) hier het uitleggers deur die eeue al laat kopkrap. Beskouings wat voorgedra word, is:

- Vertaal dit: *op menslike wyse,* omdat *Adam* eintlik dan sou staan vir *mens.*
- Dit sou verwys na *Adam* (Jos. 3:16) waar die volk 'n sonde moes gedoen het, maar ons lees nie daarvan in die Skrif nie.

Van Gelderen meen dit kan na Adam van Genesis verwys. By hom is wel nie letterlik van 'n verbond sprake nie, maar die saak is wel aanwesig (Gn. 2:16v.): God wat aan Adam 'n opdrag gee waaraan hy hom in gehoorsaamheid moet hou. Adam sou ook die liefde vir en kennis van God vertrap het. Die *daar* (6:7b) sou dan ook na Kanaän, as parallel naas die paradys, verwys. Die noem van bepaalde plekke (6:8v.) kan daarop dui.

Dwarsdeur sleg

Gilead word nie in die Bybel as 'n stad vermeld nie (6:8), wel as 'n landstreek oos van die Jordaan (Jos. 12:2; Rg. 5:17). Hosea se uitspraak word nou so verstaan dat dit een groot versamelplek van booswigte was. Let maar op die vyftig Gileadiete wat saam met Peka die moord op Pekahia, koning van die Noorderyk, uitgevoer het (2 Kn. 15:25)—en dis juis in dié deel en tyd wat Hosea optree (1:1 en 2 Kn. 16:1). Gilead sou dan so vol met slegte mense gewees het dat dit feitlik 'n stad van kwaaddoeners is.

Hoe erg die verval wesenlik by Israel was, blyk uit die sprake van 'n *priesterbende* (6:9). Dis nie dat mense by offers of godsdiens beroof word nie (1 Sm. 2:5v.), maar hulle is soos 'n rower op loer en pleeg moord. Dit kan saamhang met die hele verwording van godsdiens in die noorde, nadat werklike priesters gewyk het (2 Krn. 11:13v.). Sigem was ook 'n vrystad of vlugplek van iemand wat per ongeluk 'n ander gedood het (Jos. 20:7), maar tans is moordenaars (wat priesters is) in sy omgewing doenig. Watter verval!

God sê nou deur sy profeet dat hy by Israel of die Noorderyk iets afskuweliks, iets huiweringwekkends gesien het (6:10). Die hele volk staan skuldig aan sedelike verwildering op geestelike en liggaamlike gebied. *Efraim* en *Israel* moet as parallellie gelees word. Dis deur en deur vrot daar.

Juda was ook skuldig (6:4), maar aan dié deel van die verbondsvolk word nog weer 'n belofte uitgehou. Dit kan wees *'n oes* of *'n takkie* wat weer uitloop en dus hoop bied (Jes. 27:11; Ps. 80:12; Job 14:9). *Van Gelderen* sien naas die vermelding van Adam hier iets van 'n teruggryp op Eva se woorde by Set se geboorte (Gen. 4:25). God se werk gaan deur, vir die koms van die Messias.

Hosea 7

Sonde bedek of oop?

Die Bybel word nooit oud nie maar het betekenis vir alle tye en mense. Een rede hiervoor is dat dit — as openbaring van God — so 'n diepgaande kennis van die mens bevat om dus vir alle geslagte betekenis te hê. Daarom geld dit in tye van oorlog en vrede, pyn en blydskap, insinking en oplewing ...

Natuurlik mag ons geen reguit lyn trek of 'n is-gelykaan-teken (=) tussen Israel en ons land of volk maak nie. Hulle situasie was heeltemal anders: *vir 'n spesifieke doel geroep* (om die openbaring en Messias ontwil) en *met 'n besondere opset* (volk en kerk tegelyk). Die lees en verstaan van die Skrif moet dus altyd hierdie faktore inreken, om ook te hoor wat Hosea vir vandag en môre sê.

Israel en *Efraim* oor wie die profeet praat (7:1), was net 'n deel van die vroeëre eenheidstaat (soos by Dawid). Vir die eerste keer noem Hosea *Samaria,* die hoofstad (1 Kn. 16:24e.v.). Aldrie name wys na die Noorderyk. Daar is toestande sleg — *ongeregtigheid, boosheid, bedrog*... In die werkwoorde kan ook gelees word 'n toename in die graad van die misdade *(bedrog pleeg* — meesal heimlik; *inbreek* — iewers sigbaar, maar nog agteraf; *plunder op straat* — openlik en onbeskaamd).

Wanneer gebeur hierdie dinge? Ons Bybel sê: *Terwyl God Israel genees.* Sommige lees hierdie uitspraak saam met 6:11, dog daar is goeie redes om dit hier te handhaaf. Dan sê dit dat met God se toetrede om te genees (6:1) blyk juis hoe groot en erg die kwaal is — soos die erns van 'n wond soms eers onder die hande van die dokter blyk. Waar God dus nader tree en sy lig laat skyn, vergaan die skyn en word die boosheid ryp (kyk Rm. 7:7v.).

Israel het egter nog geen werklike insig in sy skuld nie (7:2), want hulle reken nie daarmee dat God hulle skuld opteken nie. Die sondes is soos 'n muur rondom hulle, sodat hulle God nie kan sien nie. Maar God se oog sien oor en deur alles (Ps. 90:8).

Binnelandse woelinge

Die Hebreeuse teks van Hosea is nie altyd ewe duidelik nie, sodat vertaling soms groot probleme oplewer. Daarvan bied reeds sulke ou oorsettings soos Septuagint (Griekse O.T.), Vulgata (Latynse Bybel) en Targums (Aramees) bewys en hulle is op hulle beurt soms toeligtend nodig.

Die volgende verse (7:3-7) bevat sulke vraagstukke, bv. oor die juiste betekenis van *oond* en *bakker.* In elk geval sal dit wel sien op binnelandse woelinge en sameswerings teen konings en leiersfigure rondom hulle. Vir koningsmoorde wat toe voorgekom het, moes daar tog allerlei kuiperye vooraf gewees het (kyk 2 Kn. 15 . 8e.v.).

Die volgende punte kan na vore gebring word.

- Wie die *hulle (7:3)* presies is, is moeilik om te sê. Dit lyk na mense wat die koning en vernames vreugde wil verskaf. Dit toon die mag van die sonde — waarna owerspelers (letterlik of as beeld van ontrou — 7:4) verwys — wat vooraf goed lyk, maar agter die skerms is groot gekonkel.
- Die oond en bakker (7:4) kan wys op die sameswering en dat hulle moet wag totdat alles fyn uitgewerk en die tyd ryp is. Dink maar aan die knie van deeg met die hande: indruk, vou, omdraai, nog druk uitoefen. Daarna kom nog die wag dat die suurdeeg die hele baksel laat rys.
- Die *ons* by *koning* (7:5) kan aandui Hosea se staanplek in die Noorderyk. Die *dag* sou wees 'n verjaarsdag van die koning of van sy troonsbestyging (kyk Gn. 40:20, waarby ook genoem word 'n bakker wat dalk by 'n komplot betrokke was). Die vorste naas die koning

wórd siek of word siek gemáák deur te veel drank (kyk 2 Sm. 13:28; 1 Kn. 16:9). En die koning meng hom met die nikswerd mense.

- In hulle harte smee hulle bose planne (7:6) en dan lyk hulle soos 'n bakker wat slaap en 'n vuur wat smeul, maar dis net om die regte moment te kies (7:6). Dalk juis na 'n nag van onbeteuelde pret en drinkery. Dan slaan hulle toe (7:7) en die koning word 'n slagoffer van hulle lis en wag. So soek die afvallige ryk en sy gewetenlose samesweerders heil in regeringswisseling en nie by die Here nie (kyk 2 Kn. 15:19; Jes. 7:le.v.).

Buitelandse sake

Die korrupsie tref nie net die binnelandse politiek nie, maar ook die buitelandse beleid en optrede is op 'n verkeerde spoor (7:8-12). Die agtergrond is dat verskillende grootmoondhede om mag en invloed geding het en dat Israel se posisie, in ligging en belange, tussen hulle in gelê het. Juis daardeur is Israel telkens bedreig en stukke uit sy land gehap (2 Kn. 15:29; 17:3).

God het sy volk die las opgelê om nie met die heidenvolke te vermeng nie (kyk Nm. 23:8)[1]. Maar hy vermeng hom deur bondgenootskappe — Israel is die meel en die heidene die olie, as voortsetting van die bakkersbeeld. Nie net is hulle dan halfslagtig nie, maar ook halfgebak — eenkant verbrand en anderkant rou (7:8; 2 Kn. 8:12; 10:32; 13:7; 15:29). Die dinge gebeur dat vreemdes ingryp en wegstap (7:9), sodat dit wel gesien móét word. Die afvallige Israel reken egter hulle sal dit self beter kan regkry (Jes. 9:9) of sake omkeer en daarom *bemerk hulle dit nie* (7:9). Die *grysheid* wat uitgesprei is, word so gesien:

— Israel is oud voor sy tyd.

— 'n Ongaar (eenkant-gebakte) vetkoek kry maklik skimmel in die rou gedeelte.

Die *trotsheid van Israel* lei hom tot 'n val onder mense en voor God (7:10). Hier word Hosea 5:5a herhaal, waarteen party verklaarders besware het (maar kyk Amos 4:6-11; Jes. 5:25; 9:11, 16, 20; 10:4). Die *openlik* wys op koppigheid om op die dwaalweg voort te gaan; dit is dus nie net onbekeerlikheid wat probleme bied nie maar die hoogmoedige volhou op die dwaalpad. In die werkwoorde is daar 'n verandering van tydsvorm, wat *Van Gelderen* so wil verklaar: eers word die sonde gestel (10a — *trotsheid getuig teen)* en dan word as 't ware gewag om te kyk watter uitwerking dit het, maar: *geen bekering nie* (10b).

Hoe dwaas kan 'n mens of volk nie in sy voortgang op die sondepad wees nie!

Dan kom nog 'n beeld by: *soos 'n duif* (7:11) wat *onnosel* is of rondfladder en in allerlei gevare beland (kyk 7:11 en 8). Hulle is dom om nie met God rekening te hou nie. God se tugtiging oor hulle ontrou moet intree —en dit kan gelees word as *tugtig* of *wegdoen.* Dit het die Here lank tevore as waarskuwing gegee (Lv. 26: 14e.v.), of in daardie tyd deur Hosea en ander profete.

Die Hebreeuse stylvorm van parallelisme kom in die volgende verse (7:13 -16) sterk na vore. Let hierop:

---

[1] Die verwysing na Num. 23:8 maak nie vir my sin nie. Daar kan miskien na die volgende gedeeltes (vriendelik voorsien deur dr. Attie Bogaards) in dié verband verwys word:

Ps. 106:34, 35
Eks. 23:32, 33
Eks. 34:11-16

Willem Swanepoel

Wee hulle ...

Verwoesting oor hulle... (13)

Ek tog...

maar hulle... (13)

Alhoewel Ek ...

het hulle... (15)

Deur die opgeboude kontras naasmekaar wil die profeet sy saak nóg sterker stel.

Dit lyk of die beeld van die voël voortgesit word (7:13). Hulle beweeg steeds weg en verder weg van God wat hulle altyd gehelp het (kyk 2 Kn. 14:25e.v.). Maar hulle reken tog hulle is veiliger deur toevlug te soek by wêreldmagte, al moet hulle telkens 'n ander koers daarvoor invlieg. So staan hulle trouloosheid teenoor die getrouheid van die Here. Hy wil verlos of vrykoop, maar hulle bly Hom deurentyd belieg.

Hulle maak dus groot lawaai deur al hulle gejammer, maar dis nog ver van werklik bid af. Dis nie die verlenging of vermenigvuldiging van gebed wat wesenlik saak maak nie, maar eerder of dit *van harte* is (7:14) en aan God se eise voldoen. Die *jammer op bedde* word ook ver staan as: die lawaai van gebede by die kultusplekke (kyk 1 Kn. 18:26, 28). Selfs allerlei heidense praktyke kom daarby *(kerwe).* So is hulle in alles opstandig of weerspannig teen God. Dit gaan ook nie om Hom te vind nie, maar om aardse tegoed *(koring, mos).* Ware gebed reken met en antwoord op God se openbaring — wat ons betref sy Woord — en waar dit misken word, kan baie doenigheid en lawaai en skynvroomheid voorkom, maar dis nie regtig diens van God of gebed nie.

As ons bid, moet dit dus eerstens en bo alles om God en sy koninkryk gaan en nie oor wat ons van Hom verlang nie.

Slegte instrument

God wys weer op al die moeite wat Hy met sy volk gedoen het (7:15). Hy het *hulle arms geoefen,* eintlik om oorlog te voer teen bose magte in allerlei vorm (kyk Ps. 18:35) en om reg in sy diens te werk (Jes. 28:26). Hierby kan ons gerus let op die profesie van Jakob oor Josef, die vader van Efraim (Gn. 49:23e.v.). God gee en doen so baie, maar die volk bly ondankbaar en ongehoorsaam. Dit hou ook in misbruik van sy goeie gawes.

Dit lyk of daar iets soos bekering is (7:16 — en hierby is baie vertalingsprobleme). Maar dis dan verkeerd gerig: dis net 'n horisontale beweging en nie terug na God nie. Daardeur is die volk, deur wie God wil werk, soos 'n onbetroubare of slap boog — die pyle trek skeef of wil nie wegskiet nie. Dit kan nie anders met mense wat vol is van hulleself, eie planne en eie bedrog nie. Die vorste laat allerlei heftige woorde hoor — en die uiteinde is spotwoorde van die kant van die vyand. Wie van God af padgee om die wêreld in die gevlei te kom, haal uiteindelik net skimp en bespotting oor homself.

Hosea 8

Dis oordeel kom

Godsdiens het 'n binnekant en buitekant. Dis nou van die hart en van die hand, van die oortuiging en die optrede. Maar ook in dié sin dat die inwendige van die geloof sekere uitwendige vorme het wat daarby pas — *soos kerk toe gaan, in* die binnekamer *kniel, kerklike* bydrae gee. Die uitwendige behoort 'n vertolking van die innerlike te wees maar ook te help tot verbetering en versterking van die inwendige.

Nou kan dit gebeur dat die innerlike verdamp en dat die ander net as 'n uitwendige gestalte, soos 'n leë dop, oorbly. Dis 'n gevaarlike toestand omdat dit self-misleidend is en 'n valse indruk by andere nalaat, tot skade van die godsdienssaak en tot oneer van God.

Kyk maar na Israel. Dit was 'n volk tot 'n besondere taak geroep en met hemelse lig toegerus. Om volk van God te wees, het die Here met hulle sy verbond gesluit. Sodra hulle egter op een lyn met ander volke kom en beweeg, verval die sin van hulle bestaan. Dit is die saak waaroor Hosea hier 'n besondere opdrag kry. Ons moet aanvaar dat God die bevel aan Hosea gee om basuin te blaas (8:1)—om die volk saam te roep en/of te waarsku teen komende gevaar. Die woorde is sterker omdat daar geen werkwoord van bevel is nie.

Die *arend* kan ook wees *aasvoël,* maar die gedagte van vinnige afduik laat eerder aan die eerste dink. Alhoewel die Noorderyk van Jerobeam I van God afgewyk het, word nog van *huis van God* gepraat — hulle was deel van die ou Bondsvolk. Daarom sal die oordeel deur die vyande kom: oor verbondsbreuk en nalaat om die wet te hou. Intussen roep hulle, uitwendig vroom, God toe dat hulle Hom *ken* (8:2), terwyl hulle beelde dien (8:5) en valse offers bring (8:11). God weet egter dat hulle harte ver is: hulle *verfoei die goeie* (8:3; Amos 5:14). Hulle dien die Here dus nie van harte nie (7:14). Onvermydelik sal dan ook die oordeel moet volg (Dt. 4:28), waarby die vyand 'n instrument in God se hand is.

Waarin gesondig

Die sondes van Israel wat die Here se toorn laat ontvlam en sy gerig laat kom het, lê op die gebied van die politiek en die valse godsdiens. Dié twee het egter heelwat met mekaar te doen gehad. In wat Hosea verder sê (8:4-6), lê die redes vir die neerduik van die roofvoël.

Die Noorderyk het van die huis van Dawid onder Jerobeam weggebreek. Al was dit straf op sonde (afgodery—1 Kon. 11) en al is Jerobeam wel deur 'n profeet aangewys, was sy opstandigheid en magswellus ook sonde en hy het in afgodery voorgegaan. Ook Jehu is deur 'n profeet aangewys, maar het deur 'n sameswering koning geword (2 Kn. 9:14) en op 'n sondepad voortgegaan (2 Kn. 10:29v.). Daarna was dit dikwels 'n moordenaar wat koning geword het (2 Kn. 15).

Dieselfde konings het van Jerobeam af die volk in die afval van die Here voorgegaan. Nou word gepraat van *Samaria* se *kalf* (8:5). Dit moet dui op dié van Betel (1 Kn. 12:29), omdat die gebied van Dan reeds deur die Assiriërs ingepalm is en ons hoor nie van so 'n beeld in Samaria nie — dit was staatsafgodskalf van dié ryk. Hulle klou vas aan wat God verfoeilik ag — en sy toorn ontvlam teen hulle. Tog bly die Here met die afvallige volk besig — in die vraag wat tot besinning roep: *Hoe lank...* (kyk Ex. 32:10). Nie net valse en slegte konings nie, maar ook die afgodery kom uit die volk op (8:6). Die beelde is net mensgemaak, waarskynlik van hout (wat kon versplinter, of verbrand — Eks. 32:20) en met edelmetaal oorgetrek. Jesaja het hierdie saak uitvoerig belig (40:19; 41:7; 46:6) en sommige verklaarders sien dit as 'n onderlinge afhanklikheid — maar dit kan 'n saaklike ooreenkoms wees om die nietigheid van die afgodsdiens aan te wys (kyk 1 Sm. 5).

Saad en oes

Die oordeel van God oor Israel is alles net die gevolg of afloop van die optrede van die volk (8:7). Daarby is treffend die korrelasie van saad en oes — die aard van die saaisel bepaal die oes, wat net in omvang en grootte toegeneem het.

- *Hulle saai wind.* Dit kan dui op ydelheid of op skyn, in nietige dinge waaraan hulle hulle oorgegee het — soos aan die afgode om vrugbaarheid te bevorder.
- *Die oes is storm.* Dit dui op vernietiging, soos wat vyandige leërs sou veroorsaak (kyk Job 4:8; Spr. 22:8; Gal. 6 :7).

Die beeld uit die landbou word vervolg:

- Daar kom spriete op, maar dit dra geen aar nie, sodat al die moeite vergeefs was. Daarom verkry die boer geen meel nie — of Israel geen resultate nie. Miskien is hierby nog die gedagte aan hongersnood.
- Gebeur dit tog dat daar wel kos in die korrels is, dan verteer vreemdelinge dit. Dit kan heenwys na die vertering van alles deur die vyande, die vreemdelinge (7:9).

Daarom is dit so dat Israel *verslind* is (8:8). Dus nie net gaan hulle werk sonder enige resultate bly nie, maar die mense self sal uitgewis (of weggevoer) word. Ons kan daaraan dink dat groot dele van die land al deur die vyande van Israel weggehap is (2 Kn. 15:16, 29), sodat net 'n stukkie van die grondgebied om Samaria oorgebly het. (Verklaarders praat van die rompstaat: net die bolyf het oorgebly!) Die werkwoordvorm *(is verslind)* dui aan dat feitlik afgehandel is — dis net nog 'n tydjie en dan is alles verby.

Israel het homself deur sy optrede (afgodery en skatpligtigheid aan ander volke) van sy unieke posisie as volk van God ontdoen. Daarom is hulle ook waardeloos — prakties en prinsipieel onbruikbaar in God se oog. God trek net die lyn konsekwent deur: hulle gee roeping prys en verlaat Hom en dan hoef Hy hulle nie meer te beskut nie (kyk Mt. 10:32, 33).

Ydele gespook

Nog 'n *want* dui die rede aan waarom God die vyande oor Israel laat heenrol (8:9, kyk 6, 7, 11). Hulle het God vergeet en nie toevlug na Hom geneem nie, maar liewer aardse bondgenote probeer vind (2 Kn. 15:19).

Hulle was dus in die buitelandse politiek eweneens ontrou aan die Here as in die binnelandse afgodsdiens. Die unieke posisie wat hulle steeds as volk van die verbond en openbaring moes beklee, was vir hulle minder werd as om aardse kontakte en steunpunte te hê. Dit was dan ook *onwettige bondgenootskappe* (8:9).

Die vermelding van 'n *wilde-esel* hierby bied wel verklaringsprobleme. Interessant dat hier skielik weer van *Efraim* sprake is (5 - *Samaria; 6 - Israel).* Maar daar is 'n klank-ooreenkoms tussen *Efraim* en *wilde-esel* in die Hebreeuse woorde. *Van Gelderen* sien die wilde-esel as 'n dier wat eenkant bly, maar hierby kom nou dat Efraim soos 'n ontugtige vrou is wat iets moet uitdeel om nog aandag te kry. Iets daarvan stel *Van Leeuwen* ook, maar hy knoop aan by Jeremia 2:24 en sê: Israel se minnaars kom nie vanself nie dog moet met geskenke aangelok word.

Verder maak die profeet in opdrag van God 'n veronderstelling (8:10): *Gestel nou selfs dat hulle werf...* Dan tree God nog skerp en streng in: Hy sal hulle bymekaarvee in 'n klein ruimte vir die oordeel (kyk Sef. 3:8; Joël 3:11). Die *koning van die vorste* dui stellig op die Assiriese vors. Hy het nie net die land verklein nie maar daarby nog skat-plig op hulle gelê. So gebeur dit met mense wat hulle eie konings kies en dié lê dan steeds swaarder verpligtings op hulle. So raak hulle kragte en middele steeds minder.

Straf onvermydelik

Efraim se godsdiens het bloot uitwendig geword — dis nog 'n rede vir God se oordeel (8:11 — *Want).* Daar was baie altare en dit lyk so vroom. Maar dit was vir die afgode en so het altare om sondoffers te bring, vir hulle geword altare om by te sondig (kyk 4:8). Dit blyk ook daaruit dat dit lyk na offers (8:13), maar God reken dis niks anders nie as 'n partytjie waarby hulle aan vleis smul. As God se verbond dus uit die hart losgelaat word, is dit alles net uitwendige diens en skynvroomheid.

Tog het God hulle duidelik op die regte pad geplaas (8:12). Die *leringe* moet verwys na God se wet. Die *tienduisende* kan wys op die volheid daarvan soos dit gegee is of soos wat in die loop van die tyd in die volkslewe duidelik geword het. Insiggewend dat dit heenwys na vaste en bekende bepalings en dat dit iewers *op skrif* gestel is *(voorgeskryf).* Dit kan wys op die wet deur Moses gegee. Dit het 'n gesaghebbende karakter onder die volk gedra. Omdat die volk innerlik van God vervreem geraak het, is sy bepalings natuurlik vir hulle ook vreemd.

Die wisseling van *eerste* na *derde* persoon (8:13: *My* aangebied... Nou sal *Hy)* is wel eienaardig, maar kom meermale by Hosea voor. God dui in elk geval aan dat Hy met straf sal intree (8:13). Die terugkeer na Egipte verwys moontlik na dié tyd in Israel se geskiedenis vóór God sy verbond gesluit het en tóé hulle verdruk is.

Die *Maker* van Israel (8:14) kan heenwys na God as Skepper, maar veeleer na Hom as God van die verbond wat Israel besonderlik geroep en tot volk gevorm het. Dis in elk geval so dat Israel én Juda eerder vertrou op aardse bouwerke. Maar God steek dit aan die brand — en soos hulle tribuut aan vreemdes 'n totale verlies was (8:10), so sal alle aardse steunsels wegval.

God is toevlug in die nood; sy volk moet net op Hom bou en vertrou.

Hosea 9

Regte instelling nodig?

Die hele bestaan van Israel was van God afhanklik. Hy het dié volk besonderlik geroep en toegerus en gedra.

Daar was geen prestasie of verdienste van hulle kant wat Hom daartoe gelei of verplig het nie. Nietemin was dit hulle plig om hulle soos volk van die Here te gedra: in toewyding aan Hom en as instrument in sy diens. Dieselfde geld natuurlik vandag van die kerk op aarde.

Die groot tragedie in Israel se geskiedenis was egter dat hulle gereken het God staan onder verpligting teenoor hulle en, al doen hulle wat ook al, Hy sal maar dieselfde teenoor hulle bly — en daarin het hulle hulle deerlik misgis. Watter gevolge dit meegebring het, blyk allerduideliks hier by Hosea.

Iewers is daar groot fees by Israel in die Noorderyk. Teenoor hierdie gedruis en moontlik direk daarteen in kom die profeet met sy aankondiging: *Wees nie bly met gejuig, soos die volke nie* (9:1). Dit laat dink aan die gejoel by Sinai toe Josua gereken het dis oorlog (Eks. 32:17) en intussen was dit beeldediens! Hosea het dit nie teen blydskap in die Here nie (daartoe word genoeg aangespoor). Maar *soos die volke* sê dit gaan om gelykskakeling en dus oor die afgode. Dit alleen is al geestelike hoerery (5:3v.), terwyl aanskakeling by heidense praktyke daadwerklike ontug kon ingehou het. In Kanaän was daar 'n natuurgodsdiens, om vrugbaarheid in die landbou te bevorder. Daarna kan die *hoereloon* verwys: die diens van die afgode (insluitend prysgawe van reinheid) het gelyk na gawes waarmee hulle beloon het. Die *dorsvloere* het gewoonlik hoog gelê om volle voordeel van die wind te hê. Maar ook die afgode is op hoogtes gedien, sodat twee lyne saamgevloei en geleenthede saamgevoeg is. Dit kon maklik 'n oesfees gewees het wat gevier is.

Wie natuurkragte soek en God loslaat, word aangesê en ondervind gou dat God sy seën terugtrek en dat die opbrengs van die natuur teleurstel (9:2). Lewe is **uit** God maar moet ook **by** Hom geskied, want sonder God is **teen** Hom.

Van God weg . . .

Israel was ontrou en het met die Here gespeel. Dit was erg dat hulle teen Hom gedraai het, maar dis verskrikkend as Hy teen hulle draai. Hy beskik steeds oor die land wat hulle bewoon en daarom kom die oordeel: *Hulle sal nie daarin bly nie* (9:3). Efraim (of Israel) sal in ballingskap gaan. Hierby is sprake van Egipte en dit word verskillend verklaar: ... Reste sal na Egipte vlug (Jer. 43).

... Die wegvoering is na Assur om weer, soos voor die uittog, in knegskap en vervreem van hulle godsdienstige moontlikhede te wees.

Kan daar geen eerstelingoffers wees nie (Lv. 23), dan word die oes nie geheilig nie; daarby is voedsel by heidene aan hulle gode gewy (Dan. 1:8). By slag/spys-offers was ook drankoffers (Nm. 15:10; Lv. 23:18) en daarom ook geen wyn-uitgieting nie (9:4). Dit word ook gelees as verwysing na daaglikse offers (Eks. 29:38e.v.). Tranebrood skyn te wys op dit wat ná 'n sterfte geëet is (Dt. 26:14; Jer. 16:7) en daarmee saam is die gedagte van onreinheid. Hulle is in 'n vreemde land, dalk nog met gebrek aan kos, sodat daar geen sprake van brood as offer is nie.

Soms word dit gesien asof Hosea teen die offerdiens sou wees (5:6) en dus ook teen die feeste daarby (Lv. 23). Dit mag egter nooit by hom gesoek word nie, want die profeet tree op teen vervalsing en afdwaling. Is alle offermoontlikhede weg — in 'n vreemde land, dan verval ook die heilige tye en het die hele lewe van die volk ongeestelik geword (kyk 9:5). Hulle gejool soos die heidene het ook dit as nasleep: alle feesgeleenthede val weg. Hulle het die

onderskeid met andere uitgewis en daarom gooi God hulle op daardie vlak terug.

Alles word platgeslaan (9:6) en hulle kom soos in Egipte, waar op daardie tydstip reeds al 2 000 jaar beroemde graftes (die piramides) was. Waar voorheen huise en offerplekke was, het onkruid oorgeneem.

Verwoesting wag weg van God.

Teen die profeet in

Die dramatiese element ontbreek nie by Hosea nie. Let op die: *Die dae ... het gekom* (9:7). Nog meer is dit as ons sou lees, soos sommige voorstaan: *Israel skreeu uit.* Die dreigende onheil breek los.

Daar is verklaringsprobleme oor wat dan aangaande die profeet gesê word.

- Sê die profeet dit van homself, of
- gee hy weer wat hom toegesnou word?

Dit is natuurlik so dat verrukking van sinne oor profete gekom het (Dt. 28:33v.) en dis denkbaar dat so een aangegryp word deur die verskriklike gesig wat hy vooruitsien. Maar dikwels is ook met profete in Israel gespot (2 Kn. 9:11; Jer. 29:26), en dit kon die profeet oorgeneem het. Dit is baie onwaarskynlik dat hier eintlik van 'n valse profeet sprake kan wees, al sou die aanduiding van dwaas/waansinnigheid kan pas.

Wat van *Efraim* gesê word (9:8) is ook omring met vertalingsprobleme en baie alternatiewe word aangebied. Dit wat in ons Bybel staan, bied 'n goeie moontlikheid. In elk geval spreek dit van vyandskap teen die profeet — omdat die volk nie wil gehoor gee nie en op allerlei maniere probeer om dit vir die Godsman moeilik te maak of op hom te loer en hom voor te lê (kyk Jer. 36, 37, 38, 42). Die *huis van God* kan hier weer op die land sien (8:1).

Dan word nogeens na die sonde van die volk en na 'n gebeure in die verlede by Gibea verwys. Dit slaan stellig op Rigters 19-21, *vroeg* in Israel se bewoning van die land en met gruweldade en hardkoppige verset wat *afsluitend* nog die geval is. In die Hebreeus is dit kort, beslissend uitgedruk.

Dink hierby aan die Jode se verset teen Jesus (Mt. 23:37) en sy heenwysing na die groot afval/opstand van die mense voor God en sy finale oordeel (Luk. 21:16 e.v.).

God se teleurstelling

Verskeie uitleggers sien vanaf Hosea 9:10 'n nuwe deel en opset van sy profesieë. Dit kan, waarby die Here (deur die profeet) terugkyk op Israel se geskiedenis nadat Hy hulle tot sy volk gemaak het (10: 1; 11:1).

Hier spreek beeldryke taal wat nié wil aandui dat Israel uit sy eie iets was nie, maar eerder wys op God se blydskap in hulle.

Druiwe is baie onwaarskynlik in 'n woestyn; miskien by 'n oase, maar dan as 'n verrassing — en die woestyn wys sterk terug na Israel nadat hulle uit Egipte geruk is.

Voorvye spreek ook van onverwagte en heerlike.

God is egter deur die sonde van sy volk teleurgestel. Dit kan slaan op die raad van Bileam en Israel se meedoen met afgodsdiens en onsedelike praktyke — reeds voor die intog (Nm. 23:28; 25:3) en hoe is dit voortgesit! Aardse aansien *(heerlikheid* — 9: 11) kan dan nie standhou nie, maar vlieg skoon weg. Kinderseën was vanaf Abraham deel van God se beloftes en die volk se roem en krag. Juis daarin tref God hulle — met 'n lyn wat in die proses terugloop *(geboorte, moederskap, ontvangenis)* om sterk aan te dui dat selfs die begin van lewe afgesny word. Kom daar nog *kinders* (9:12), dan tref God se oordele — waarskynlik deurdat hulle omkom in en deur oorlog. Die heel ergste word daarna vermeld:

God self onttrek Hom aan sy eie volk. (Dink aan die Here Jesus, van God verlate aan die kruis.) Dis 'n skrikwekkende oordeel: die volk van God sonder hulle God — soos 'n kerk sonder Verlosser!

Efraim het pragtige moontlikhede gehad (9:13 — al is dit moeilik om die presiese aanduiding te verstaan). Alles wat in sy voordeel was, word egter neergeslaan deurdat die kinders goedsmoeds aan die dood prysgegee moet word. Wie God verlaat het en deur Hom verlaat is, is aan verskrikking prysgegee!

As God verjaag ...

Die Here het sy volk liefgehad (9:10). Sou dit nog 'n sprankie hoop laat, ten spyte van hulle sonde? Sommige lees in die *wat sál U gee?* (9:14) dat die profeet tog teen alles in nog hoop het — maar die antwoord verpletter dit in elk geval: Kinderloosheid tref hulle. *Van Gelderen* vertaal: *Gee hulle, Here, wat U maar wil gee ...* En dink net hoe erg sake is: dat dit as seën of 'n guns van God beskou word dat daar nie kinders is wat kan sterwe nie! (Lk. 23:29; Jer. 20:13e.v.)!

Weer kom iets uit die verlede ter sprake: *Gilgál* (9:15) waar God hulle *begin haat het.* 'n Paar plekke met hierdie naam was bekend (bv. Jos. 5; 1 Sm. 13). *Van Leeuwen* sien dit as verwysend na Saul se ongehoorsaamheid en vergryp aan die offer. Miskien lê iets van dié gedagte hierin, maar dit was stellig 'n plek van afgodsdiens (4:15; Amos 4:4). Daarom sê God sy liefde op en *haat* en *verjaag Hy*— soos 'n man wat sy vrou wegdryf (Gn. 21:10; Lv. 21:7).

Hoe Efraim getref word, blyk uit die daaropvolgende beeld en wat bygevoeg word (9:16). 'n Plant wat tot in sy wortel verdroog is — deur wurm, wind, son (Jona 4; Ps. 121:6)—kan nie weer voortbestaan nie. So is die volk sonder kinders: daar is geen verwagting meer vir die toekoms nie. En weer word gesê: Al hét hulle kinders, nogtans sal Ek *die lieflinge* (hoe sterk dié woord) *ombring.*

Die rede vir God se oordeel oor die volk word andermaal deur die profeet beklemtoon: *hulle* het nie geluister nie, en daarom verwerp God (9:17). Hosea praat van *my God* — hy het nog 'n band met die Here van die verbond wat Efraim nie meer het nie. Daarom sal hulle werklik "wandelende Jode" wees, swerwend op aarde (dink aan Kain — Gn. 4:12, 14). Tog lê daar nog 'n korreltjie hoop in die feit dat Hosea 'n band met God het.

Hosea 10

Voorspoed verlei

Allerlei ooreenkomste maak dit moontlik om 'n parallel te sien in wat Hosea hier van Israel sê en wat die posisie van ons volk of land in die wêreldsituasie is. Dink maar aan die voorspoed wat vermeerder het en wat direkte aanleiding tot afval van God en najaag van afgodsdiens geword het (kyk Hos. 10:1). Tog moet ons met die deurtrek van sulke lyne versigtig wees. God het immers 'n besondere verbond met Israel gehad en hulle voortbestaan was nodig vir die koms van die Messias.

Maar enige volk kan lering daaruit haal — om op God en nie net op homself en eie vermoëns, soos bewapening, te vertrou nie. Maar wat die profeet bied, geld meer in besonder vir die kerk. En wee die kerk wat sy God kwytraak en met die wêreld of 'n volk gelykgeskakel word.

Dieselfde sake kom telkemale by Hosea voor, maar dan steeds uit 'n nuwe hoek of met ander beelde. Daarom kom dit wel vars oor en spreek dit telkens weer aan.

Israel (of Noorderyk hier—10:1) word met 'n *wingerdstok* vergelyk (9:10 — *druiwe).* Die groei is *weelderig* of vertak, versprei, en dit dra aan alle lote. Dit is wat God van sy volk gemaak het (kyk Jes. 5:le.v.; Eseg. 19:10; Gn. 49:22; Ps. 80:9). Maar die verslegting het met die toerusting tred gehou en dit selfs ver oortref. (So maak die sonde mos!)

- Steeds meer afgodsaltare is gebou — waarskynlik as deel van die vrugbaarheidskultus. Die ryke oes word erken en so meer gesoek.
- Die klippilare is steeds beter afgewerk en selfs gebeeldhou — die beter landsomstandighede (soos voorspoed onder Jerobeam II) het die kuns gestimuleer (al was dit nou ook afgodstekens).

Hulle sê hulle dien die Here, selfs met altare en offers, maar hulle hang afgode aan — en is vals van hart (10:2). Daarom sal God hulle slaan. Al word nie gesê *wie* dit doen nie, is dit die Here wat intree nadat hulle Hom opsy geskuif het. Daarom tref Hy die *altare* en *pilare* — en gebruik daarvoor die hande van vyandelike leërs wat vernielsugtig oorrompel.

Leë koningskap

Die vernielende ingrype van die Here in die afgodsdiens van Israel skud hulle terdeë. Die profeet stel dit so voor asof hy die volk hoor praat (10:3). Hulle bely dat hulle *geen koning het nie:*

- hy kon gesneuwel het;
- hy is daar maar beteken niks omdat hy God nie erken en God nie sy koningskap nie.

Koning en volk het nie die Here gevrees nie. Vanaf Jerobeam I was daar 'n afwykende koningskap en dit blyk uiteindelik dat so een niks betekenisvol vir die volk kan doen nie. In krisistye veral is hy hopeloos.

Dan slaan Hosea oor in die meervoud *(hulle* — 10:4). Dit was by daardie konings van Israel net 'n stortvloed van *woorde,* valse ede (aan God, buitelandse vorste en die volk) en *verbonde* sonder enige waarde (7:11; 2 Kn. 17:4). So gaan dit tog wanneer daar nie 'n vaste band met die hemel is nie — dit swalk hier rond, sonder patroon of koers.

Daarom tref die *oordeel* ook — en die profeet gebruik 'n nuwe beeld (kyk 5:12v.). Dis of die grond goed voorberei is en dan spruit *gifplante* uit en die lewe van mense en diere word bedreig en verwoes. Juis in die toebereide akkers, midde in die kultuur en godsdiens van die volk, skuil die dood.

Dis nou 'n god

Die afval van die ware diens van die Here onder die opstandige Jerobeam (1 Kn. 11:26) het begin met die kalwerdiens by Betel en Dan. Die eerste het in Hosea se tyd nog bestaan, maar hy noem dit *Bet-Awen* (4:15). Hier sit 'n stukkie ironie in wat so gestel kan word: *'n Mooi god is daardie kalf!* Hulle aanbid naamlik gode om so in nood gehelp te word, maar nou is dit die god (kalfbeeld) oor wie die mense van die hoofstad Samaria bekommerd is (10:5; Jes. 46:1)! Die volk treur, maar die priesters sidder — want hulle lewensbestaan is daarmee gemoeid. Die *heerlikheid* word gesien as die skatte by hierdie beeldediens opgegaar of selfs dat die goudoortreksel van die beeld gestroop word. 'n Kaalgemaakte afgod sal al wees wat die vyande laat oorbly.

Nog erger kan gebeur wanneer die beeld self prooi van vyandshande word (10:6) —hy (die beeld) word 'n geskenk van die soldate aan hulle oorlogsugtige koning. So is tribuut soms aan die vreemde vors betaal (2 Kn. 15:19), maar hulle het ook weggeroof, en veral godsdienstige voorwerpe is gevat om aan te dui dat die oorwonnenes eintlik onbeskermd agterbly (2 Kn. 24:13e.v.).

Dit laat hulle *beskaam* agter, veral in die besef dat baie planne (sonder God) niks gehelp het nie.

Die oordeel tas deur

Die koning en die afgodsdiens is getref. Dan kom die hoofstad self aan die beurt (10:7). Die koning is soos 'n ligte houtjie of *spaander* wat sommer wegspoel. En al die tyd het hulle gereken dis sulke gewigtige figure. Dan word nie net die *voorwerpe* óp die hoogtes getref nie, maar die *hoogtes* (van *Awen* sê: *bedrog)* kom self aan die beurt (10:8). Met 'n greep terug na die vloek by die sondeval en om die totale verwoesting van die afgodsplekke aan te dui, blyk dit dat die altare van priesters en aanbidders verlate is en aan verval prysgegee.

Interessant is hier die uitroep tot *berge* en *heuwels,* wat deur Christus by die eindoordeel betrek word (Lk. 23:30; Obp. 6:16; 9:6). *Van Gelderen* meen dis nie hier om weg te skuil vir God nie (Jes. 2:19, 21) maar 'n selfverwensing oor die afgodshoogtes wat uitgeskakel is en om nie in die hande van die vyandige Assiriërs te val nie. In elk geval is dit 'n soeke na ontkoming uit of gespaar word van die gerig waarby die bankrotskap van menslike hulpmiddele en skuil vir die oordeel verklank is. Byna die ergste van die aarde word gesoek om tog net nie God te moet ontmoet nie.

Dan is daar nogeens sprake van *Gibea* en die sonde (10:9, 9:9). Nadat oor Israel gepraat is, is dit woorde direk *aan* Israel gerig. Van die Rigtertyd af (Rg. 19 e.v.) is die volk besig met sonde en in Gibea is te sien 'n voorbeeld van afwyking — dit word dus as beeld gebruik en gaan nie oor die plek nie.

Die Hebreeuse teks lewer hier weer probleme op om te verstaan en te verklaar. Dit is seker dat God hulle wil tugtig en daarvoor ander volke gebruik. Sommige lees hier iets van drink uit *twee bronne* — wat op die inneem van die land sou wys. Of dit sou lees van dubbele *skuld* of ongeregtighede — soos slegte godsdiens en koningskap, ontrou aan die Here en oorgee aan afgode.

God gryp in

Efraim was die leidende stam in die noorde en word weer vir die geheel genoem (10:11; 9: 13). Die beeld van die *koei* bevat dalk ook die gedagte van 'n juk op die nek. Hierby moet ons onthou:

- 'n Dier wat dors of trap, kon lekker vreet.
- Ook koeie is vir trek gebruik.

Hier skyn die woorde in te hou dat God 'n einde maak aan 'n los en volop lewe en dat die

volk in knegskap gaan, met heelwat moeite en verdriet daarby. Ploeg en plant hou in swaar trek en weer oor dieselfde land gaan om klaar te kry. Juda word weer bygetrek en Jakob vir die geheel genoem — die oordeel tref een en almal wat van die Here afwyk.

Die beeld verander van die *koei* na die *boer* (10:12). So waarsku die Here nog en wek die volk tot bekering op. Nou kom die korrelasie tussen saai en oes weer (8:7) na vore. Die ploeg van nuwe land of braak kan wees nuwe of uitgespaarde akkers, maar dit hou swaar trek in. Dit impliseer hier 'n radikale verandering in lewensoptrede, maar ook dat dit belofteryk kan wees. Daar is nog tyd kragtens God se verbond en sy genaderykheid. Dan word Hy nie in oordele verwag nie, maar met heil en seën (Ps. 24:5) wat Hy oorvloedig skenk, soos reën wat alles oorgiet (6:3; Joël 2:23 -29).

Dit is eintlik die verbysterende van God se omgang met sy volk: sy genade wat Hy gegee het en blywend gee, selfs teen die sonde in, om terug te roep. Dié wat hulle bekeer, vind lewe en oorvloedige seëninge.

Maar hoe verskriklik bly die volk ingaan teen God en sy verbond: ploeg *goddeloosheid* in, maai *slegtigheid* (10:13). So gaan dit met mense wat volgens eie (dwase) insig handel en op aardse vermoëns steun en nie hulle sterkte in God vind nie. Sien raak die *julle* wat weer saamgetrek word in die *jy, jou helde* — saamgebundelde skuld.

Vergeefse planne

Die kwade gevolge van die ontrou van die volk bly nie uit nie (10:14). Daar is nie presiese duidelikheid wie *Salmon* is nie, maar dit verwys seker wel na Salmanéser (kyk 2 Kn. 17:3). Ook is nie bekend waar *Bet-Arbel* lê of hoe die verwoesting van dié plek verloop het nie. Dit moes in elk geval 'n wreedheid bevat het wat in daar die tyd as waarskuwing aangespreek het: waarby *moeders* en *kinders* saam slagoffers was. Israel het deur sy konings van God wegbeweeg en toevlug na aardse vriende geneem — maar dieselfde Assur wat moes help, het die vernietigingsmag geword. Aardse bondgenootskappe is nooit betroubaar nie— hoe waar is dit nog steeds vandag. Die oes bly nog steeds volgens die saad.

Betel moes die volk losmaak van Jerusalem en Dawid, maar het hulle wesenlik van God vervreem (1 Kn. 12:26v.). Daar waar Jakob die huis van God gevind het (Gn. 28), is die volk verlei. So en daarom het Betel die ondergang bewerk. Koning Hosea sou dit dus nie in die oorlog lank uithou nie maar sommer vroeg in die krygsdag val (10: 15).

Wie God prysgee, het immers geen daeraad of verwagting nie.

Hosea 11

Vaderliefde

Baie mense in ons tyd het met die geskiedenis klaargekry. Met wat verby is, het hulle vrede — hulle lewe in die hede en vir die toekoms. Maar dit is soos 'n ballon wat in die lug losgelaat is: dit dryf met elke windjie saam en sal wel iewers bars en in stukkies neerstort.

So is dit nie met die profete wat tot die volk as boodskappers van God handel nie. Die verlede hét betekenis, omdat dit wys op God se groot dade en sy leiding deur die jare — en dit dien as vertrekpunt, soos 'n lughawe vir die vliegtuig waar brandstof en kos ingeskeep en die koers na die volgende punt bepaal word. Hosea kyk weer (11:1; 9:10; 10:9) terug na Israel se ontstaanstyd.

Hier gryp hy verder terug as die woestyn: na die slawetyd van Israel in Egipte. Die *kind* dui aan 'n seun in pubertyd, nog onselfstandig, of aanduidend 'n mens in onvolwassenheid nes 'n kind. Dit herinner ook aan wat God deur Moses aan Farao gesê het: Israel is sy seun (Eks. 4:22 v.). Die hele volk word gesien as kind van God en Hy is dan die Vader. Die verbondsverhouding spreek natuurlik ook hieruit.

Veral is belangrik dat die liefde van God so duidelik beklemtoon word. Daarby is dit so dat die roeping van God die hele volksbestaan bepaal — met geen reg of rede by die volk dat die Here juis hulle verkies het nie.

Dit verdien vermelding dat hierdie woorde van Hosea deur Matteus (2:15) opgeneem word oor Jesus se verblyf in en terugkeer van Egipte. Dan geld dit een persoon, nie 'n volk nie, maar dis juis oor Hom dat die Here die besondere betrekking met Israel aangegaan het. Met Jesus Christus begin God 'n nuwe uittog (of eksodus — Luk. 9:31) en is daar versekerde ingang en blywende toewyding aan die Here, in Christus gewaarborg.

Goed versorg

Die roepstem van God behoort by die mense 'n positiewe antwoord te ontlok. Maar moedswilligheid en ondankbaarheid maak dat dit juis die teendeel is (11:2). Dit kan veronderstel word dat *die profete* se roep ná God en terug na sy paaie bedoel word (Jer. 7 :25), want die teks sê nie wie dit doen nie — en daarom staan *profete* in ons Bybel skuins gedruk. Dis nes stout kinders doen: hoe meer hulle geroep word, hoe verder weg beweeg hulle (11:7; 2 Kn. 17:13; Jer. 2:31; Sag. 1:4). Die verhouding met die lewende God word vir diens van die stom en simpel afgode ingeruil en dit gebeur op 'n gereëlde grondslag (Ps. 78:58; Jer. 8:19). Teenoor die enkelvoud *(kind)* staan nou die meervoud *(hulle)* om aan te dui dat elkeen sy eie koers gekies het en persoonlik verantwoordelik is.

Met groot geduld dui God aan hoe Hy met die volk besig was (11:3). Die wisseling van *Ek* en *Hy* is wel eienaardig maar kom meermale by Hosea voor.

- Daar is die beeld van 'n vader wat sy kind *leer loop* — hier weer *Efraim* genoem. Die gedagte van struikeling en ophelp en met 'n sterk hand vashou, sit daarin. Daarby nog dat God wonde genees. Dink maar aan al die gebeure op die woestynpad en in Kanaän.
- Die liefdevolle versorging deur God gaan voort (11:4). *Van Leeuwen* bly dit sien in die beeld van vader/seun (en lees: *soos 'n suigling aan die wang).* Andere sien dit as 'n trekdier, wat egter sagkens behandel word en met die oplig van die juk kans kry om te eet. *Frey* sê dat na mate die volk uit die kindskap in passiwiteit terugsink, kom die beeld van die dier op en word dit 'n *boer* en nie meer 'n *vader* nie. Maar tog is dit nog 'n boer wat nie net 'n lasdier sien nie, maar 'n band met die dier het.

Nog bly dit God wat werk — *met liefdesbande getrek* en met kos versorg.

Menslike steunsels weg

Egipte was die plek waaruit die Here sy volk gebring het. Oor alles wat hulle daar gely het, sou mens verwag dat Israel nooit meer met hulle te doen wil hê nie. Tog het konings verdrae met hulle gesluit en dit was later nog 'n toevlugsoord (Jer. 43). Nou is die teks ietwat onduidelik, maar dit lyk tog asof God die pad na Egipte toesteek (11 :5). Soontoe gaan dit nie, maar gelyke verdrukking sal hulle tog ervaar: in die ballingskap van Assirië. Dit kom juis deur hulle sonde en moedswilligheid dat God se toorn ontlok word.

Die ballingskap word nog voorafgegaan deur die vernietiging van alles wat vir hulle sekerheid bied (11:6). Tref God die stede (Jer. 23:19), dan is dit soos 'n storm wat losbreek (2 Sm. 3:29). Natuurlik is dit die vyandelike soldate wat die vernielingswerk doen, maar dan as instrumente van God om te tugtig (Jer. 12: 12; Eseg. 14:17). 'n Stad en die grendels van sy poorte bied die idee van veiligheid aan die mense, maar alle valse vertroue word weggestorm want wie kan staan as die Here deurtrek? Dit alles gebeur oor hulle planne — hulle menslike steunsels, kontrakte, diplomasie.

Die *want* (11:7) gee die rede vir die vermelde optrede deur God, en bied ook 'n opsomming van hierdie eerste paar verse. Daar is 'n inspanning in die verkeerde rigting waarmee dan ook volgehou word *(dwing).* Hulle wil in geen geval na God toe gaan nie, maar hulle koppe staan steeds in 'n verkeerde rigting. Die toestand is baie erg en die enigste sprankie hoop is dat nog van *my* volk sprake is.

Die vertaling van die laaste deel van 11:7 lewer ook weer probleme. Tog dui dit aan halsstarrigheid van die mense of volk wat glad nie met God te doen wil hê nie.

'n Groot omkering

Die heilgeheim van God se liefde en genade sal geen mens ooit kan peil nie (Jes. 55:8 v.). Wie die werke van die Here dus op menslike wyse benader, sal nooit 'n sinvolle idee daarvan kry nie. Dit blyk hier weer in die direkte opvolging van die oordeelswoorde met die lieflike klanke wat tog weer troos en hoop voorhou (11:8).

Dit is God wat eerste liefgehad het en *Israel/Efraim* tot kind aangeneem het. Dit is God wat met sy liefde aanhou, ten spyte van aanvanklike of voortgaande onwaardigheid — en daarin so anders optree as mense wat tog eindelik 'n ongehoorsame kind afskryf. God kan nie sy volk *oorgee* (Ps. 44:12; Mg. 5:2); of *prysgee* aan totale vernietiging nie. Die voorbeeld wat daarby genoem word, is tekenend en skrikwekkend.

- *Adma* en *Sebóim* word nie direk in Genesis 19:24 genoem nie en elders is net melding van die bure van Sodom en Gomorra, maar tog word die naam vermeld (Dt. 29:23).
- Miskien is die bedoeling dat dit nie hier soseer om die sonde gaan nie, maar dat die eerste twee die lot van die ander gedeel het.

Daarby is nou hartroerend dat God nié die stede omkeer nie, maar dat daar 'n omslag in sy gedagtes kom — en dat Hy dus sal spaar. So kry ons eintlik 'n kykie in die hart van God. Van Hom kom genade, heerlik en vol en onverdiend in Christus.

Daarom het God se gesindheid nie net verander nie, maar sy oordelende ingrype word ook gewysig (11:9). Die ballingskap is tugtiging oor al die sonde, maar na terugkeer sal God nié weer *te gronde rig* nie. Die profeet sê Hy doen dit as *God,* as die *Heilige:* God handel uit Homself (Ps. 103:8 e.v.). Hoe wonderlik dit is, word eers besef as ons let op die gawe van sy Seun tot versoening van sonde. 'n Onbegryplike misterie, maar vir gelowige mense rede om Hom aanbiddend te loof.

Hulle stroom toe

Daar was alle rede vir God om sy volk in toorn tegemoet te tree (11:1-7). Tog kom die aanduiding dat Hy genadig is en Hom ontferm. Hy kom dus wéér na hulle toe — maar nou

nie in grimmigheid nie (9:*9d).* Geen rede hiervoor bestaan by die mens nie, dog ons weet dis net sy groot genade waarvan hier staan dat dit kom omdat Hy is die *Heilige.*

Die koms van die Here ontlok egter ook die regte reaksie by die volk soos wat dit in hierdie deel van die profesie ontsluit word. Nie meer loop hulle van God af weg nie (11:2), maar nou trek hulle agter Hom aan (11:10). Dit is wat die profeet aan Israel beloof volgens die opdrag van sy Sender. God se stem is weer die bewegende krag.

Nog 'n beeld kom hierby te pas: die van 'n leeu wat *brul.* Elders (5:14; 13:7) is die brul en optrede van die leeu bedoel as bedreiging, maar hier het dit iets van 'n *belofte*, van die gerusstellende — soos wat leeuwelpies deur die yslike gebrul van die maanhaarleeu beskerm voel. Die *sidderend* kan wees: bewend (kyk Jes. 31:4; Jer. 25:30) maar kan ook 'n vreugdevolle element inhou. Mens kan dink aan die Here se leiding in die woestynreis uit Egipte. Die *brul* kan ook aandui: skrik by die vyand en die aanlok van die verstrooides.

Die mense van Israel wat verstrooi is, sal hoor en van oraloor aankom. Wel mag daar nog *bewing* wees by die gedagte aan al die sonde wat die straf ontketen het *(sidderende aankom* —11:11), maar hulle kom tóg. En hulle kom ook van oraloor, van alle windstreke — die *seekant* of eilande ten weste (kyk Joël 3:6); *Egipte* is suid en *Assur* lê noord en oos. Die beeld van die *voëls* kan getuig van die geringheid by die volk, maar ook die vinnigheid van terugkeer en dalk nog die sekuurheid van die regte koers.

Die *duif* was voorheen 'n beeld van die volk se verdwasing (7:11), maar nou roep God terug. Die *woon in die huise* kan dalk nog iets van die voëlbeeld hê — terug op hulle neste, maar dit dui in elk geval dat hulle deur die Here teruggelei word.

God beloof die herstel. En om dit te beklemtoon voeg Hosea hier weer by: *spreek die Here.* Dit is nie maar sy eie gedagtes of drome nie, maar openbaring van die Here. Hy het aanvanklik geroep, Hy het vasgehou, Hy betoon weer liefde, sodat hulle Hom sal dien en uit hulle die Messias sal kom.

Hosea 12

Leuenbestaan

Die geskrifte van die profete het hulle eie karakter en hulle moet dus in hulle eie reg en aard benader word. Die situasie waarin die profeet spreek, is belangrik omdat dit kan help om die profesie in sy tyd te dien. Maar dit bied nie geskiedenis, dit hoef dus nie presiese tydsorde te bevat nie — veral in dié sin soos wat ons Westerse mense alles verstandelik wil orden of bepaal. Tereg praat Habakuk (1:1) van *Godspraak.* Dit gaan om openbaring van God aan sy volk, en dit is dus aan bepaalde probleme en omstandighede gekoppel. Maar omdat dit stem van God is, het dit betekenis vir alle tye.

Hosea praat in elk geval in die laaste paar jare van Israel of die Noorderyk. Tog hoef die hoofstukke nie op mekaar te volg nie. Daarom handel Hosea 12 nogeens duidelik oor die sondige dwaling van die volk en gryp selfs na Jakob toe terug. Die bedoeling is om te laat sien hoe 'n Godsvolk op die sondepad afwyk en afdwaal en dat alleen die koms van die Messias werklik uitsig en hoop bied.

Efraim en die *huis van Israel* (12:1) dui dieselfde mense aan: deel van die oorspronklike verbondsvolk wat afgeskei het. Die hele lewe van hierdie volk word gekenskets as bedrieglik en vals: alles wat hulle doen — godsdienstig en sedelik, teenoor die buiteland en binnelands — is een stuk leuen. Hulle het van die Here weggebreek, maar wil nog sy volk genoem word. So neem hulle toevlug na aardse magte *(Assur, Egipte*— 12:2), maar hulle sê nie openlik die band met God op nie.

Hierby word Juda ook weer betrek. Nie net in die noorde is daar afval nie maar ook na die suide. Hulle het wel nog 'n koning uit die Dawidshuis maar is teenoor die groot Koning ontrou. Dit terwyl aan Hom alle eer en diens toekom, aangesien Hy die *Allerheiligste* en *Getroue* is. Hy handhaaf sy verbond, maar die volk verval in ontrou. Die kritieke punt waaromheen sake draai, is: gryp hulle aan wat God gee of probeer hulle sake deur eie daadkrag beredder? Dieselfde keuse kom in die optrede teenoor die Here Jesus voor (Jh. 19:15).

Vergeefs

Die ontrou van die twee dele van die volk word daarna verder belig (12:2, 3).

✶ *Efraim* se hele optrede is ydel, vergeefs, leeg. Dis tog wat die beeld beduie: om met die ongrypbare wind besig te wees, moet tog op niks uitloop; om die wind te gaan wei, sal geen resultate lewer nie. Nog sterker is dit as die *oostewind* genoem word. Dié kom uit die woestyn, is warm en droog, sonder beloftes van reën, en verskroei alle plante. Hierin sou selfs 'n verwysing kan sit van: toevlug neem by Assur.

Verdeelde trou (of leuens) blyk nie net in die verhouding tot God nie, maar veral ook in die buitelandse politiek. Na die ooste 'n verbond met *Assur* en meteen 'n poging om *Egipte* se welwillendheid in te koop. *Olie* (van olyfbome) was volop in Kanaän en skaars in die suide, en so moet ons seker wel die *voer van olie* (12:2) verstaan.

✶ Nogeens kom *Juda* voor die oog as 'n ontroue. Baie kort word dan gesê dat die Here *twis met Juda* (12:3). Dieselfde woord gebruik Hosea elders (2:1; 4:1)—ook aangedui as: 'n regsproses voer.

✶ Dan is sprake van *Jakob.* Dit kán op albei slaan, maar die res van die hoofstuk toon aan dat dit tog na *Efraim* verwys (12:9, 13, 15). Die *Jakob* dien net as oorgang na 12:4.

Afdwaling

Jakob was berug vir sy bedrog. Daarna kyk die profeet nou terug (12:4).

- Hosea stel dit so voor asof Jakob *in die moederskoot* al na die eersgeboortereg/seën geding het (Gn. 25:26). Hierby kan gelet word op die naamsduiding van Jakob as onderkruiper (Gn. 27:36; Jer. 9:4).
- Die worsteling was met 'n man (volgens Genesis) maar hier aangedui as God of die Engel — en dit is gebruiklik vir die verskyning van God, die Seun, in die Ou Testament (Gn. 18:2, 10, 13; 19:24). Dit word ook stellig in ongunstige lig gestel hier: Jakob wat sy eie heil wil uitwerk/worstel en daarby trots en vermetel is. Sou hy dalk die seën probeer afdwing het deur die man teen dagbreek vas te hou?
- Daarna kom *Betel* ter sprake (12:5). Daar het Jakob op sy vlugpad God ontmoet (Gn. 28), maar daar het God ook weer met Jakob gepraat (Gn. 35) en sy naamsverandering (Gn. 32:28) na Israel bevestig. Hierby tref die aandag: *hy het Hom gevind... Hy het met ons* gepraat (12:5). Maar dis by dieselfde Betel waar Jerobeam die kalwerdiens ingevoer het en wat Hosea Bet-Awen noem (4:15; 5:8).

Daarom kom hier 'n doksologie of lofverheffing tot God (12:6). Hy was en bly dieselfde, die God van die verbond by wie die volk moet skuil. Hy tog seën die volk. Die *leërskare* kan slaan op die slagordes van Israel (1 Sm. 17:45) of die engele, maar dit dui in elk geval op sy oorwinnende krag.

Dan volg 'n dringende oproep na die volk om hulle te bekeer (12:7). Hulle moet nie aardse bondgenote soek nie, maar toevlug na die Here neem. Daarby moet die tweede deel van die Wet nagekom word. *Beoefen liefde en reg* teenoor mense (Mt. 22:34, 40). Wie God gevind het, sal die sake hier reg aanpak; maar wie teenoor sy naaste skeef staan, laat blyk dat sy saak met God nie suiwer is nie (1 Joh. 4:20, 21). God is nog bereikbaar, selfs vir Efraim (kyk: *jou* God).

Selfmisleiding

Waarskuwend is op Jakob gewys en dit het gelei na 'n oproep tot bekering. Skerp steek teen hierdie lig af die donker skadu's van Efraim se volhouding in sonde (12:8,9).

- Kanaän kom op die toneel. Die mense van Kanaän het handelgedrywe, daarin vermeng met en beïnvloed deur die Feniciërs (Tirus, Sidon). So het Kanaäniet die betekenis gekry van *handelaar* (Spr. 31:24 — Kanaäniete). Hier is dus iets soos 'n personifikasie: Israel is gelyk aan Kanaän, 'n bedrieglike handelaar. (Israel of die Jode was oorspronklik tog 'n landbouvolk in daardie land.)
- Die handelspraktyke is vol onreg: *valse* weegskaal sê dit werk met leuen (12:1). Dit loop uit op afpersing en uitbuiting (Amos 2:6; 4:1; 5:10 -13) — direk in stryd met God se opdrag oor hulle gedrag (Lv. 18:3; 19:36).

Daarby kom dan nog 'n onbeskaamde regverdiging deur *Efraim* (12:9) —met die volgende redenasie: "Rykdom kom deur seën en as ons ryk is, hou dit in dat ons geseën word en dus nie sonde het wat vloek op ons sou laai nie". Hulle meen dus dat hulle geensins deur hulle oortredings (valse weegskaal) skuldig staan nie, want anders sou God tog gestraf het!

Die strafaankondiging deur God toon egter dat die Here nié dink soos die afvalliges wat poog om hulleself in selfregverdiging te mislei nie. Hosea spreek as mond van die Here uit wat Hy gaan doen (12:10).

- Hy loop al 'n lang pad met die volk en Hy het sy gebod duidelik gegee. Let op die begin van die Wet (Eks. 20:2) waar op die verlossing uit Egipte gewys word.
- Die *woon in tente* sien sommige as vreugdevol (soos by huttefees wat op die woestynreis terugwys). Beter is dit stellig om hierin straf te sien: die ballingskap sal hulle verplig om weer in tente te woon.

Dit kom omdat hulle op die waarskuwings deur die profete — ook in allerlei beelde of

gelykenisse, selfs Hosea se huwelik — nie ag gegee het nie (12:11).

Heerskappy

Die tyd van die profesie het iets te sê as ons hoor van *Gilead* (12:12). Dié landstreek was deel van die Noorderyk, maar is as Oos-Jordaanse gebied deur die vyande platgeloop (2 Kn. 15:29). Die *goddeloosheid* aldaar het dus tot totale uitskakeling gevoer. So is Israel se grondgebied steeds kleiner geknip, om later omtrent net rondom Samaria te bestaan. *Gilgal* word weer genoem (4:15; 9:15) as plek van sonde en afdwaling van die ware godsdiens. Die *beeste wat geoffer is* wys stellig na die afgodsdiens en is nie teen offers as sodanig gerig nie.

Wat sal van die klippe van die altare oorbly? As 'n boer ploeg en hy kry 'n klip in sy land, dan word dit *op die vore van die landerye* — ons sou sê: op die wenakker of by die grensdraad — gestapel. Dus word hulle sommer los eenkant op 'n hoop gegooi — so gebeur dit met hulle afgodsaltare.

Die aartsvader Jakob word weer bygetrek om iets aan die afvallige volk te verduidelik. Die vlug van *Jakob* was natuurlik 'n gevolg van sy sonde of die gryp na regte wat God hom beloof het; dit het hom ook tot diensbaarheid in die vreemde gelei; hy was kneg ter wille van 'n vrou wat hy begeer het (Ragel) —en hierin sit dalk 'n verwysing na die onsedelike afgodsdienste. In elk geval kan ons let op die volgende verbande en teenstellings:

- Jakob het na die vreemde gevlug
    - Israel word uit die vreemde verlos.
- Jakob kom in slawediens
    - Israel word uit slawerny bevry.
- Jakob pas vee op vir 'n vrou
    - Israel word deur 'n profeet versorg.
- Jakob is gevangene vir 'n vrou en aards
    - Israel, deur Moses ('n profeet), gaan uit in diens van die Here en verkry die geestelike genade-openbaring (Wet).

Die vergelyking moes Israel al laat nadink het en die groter voorregte moes hulle na die Here laat soek het.

Maar Israel (of *Efraim)* antwoord met ondank deur hulle Weldoener te terg (12:15). Hierdie krenkende optrede staan sonder voorwerp *(die Here* is kursiefgedruk en dus bygevoeg) om aan te dui dat dit baie wyd tref, veral die Here (Jer. 7:18v.; 1 Kn. 14:9, 15). Maar God laat nooit met Hom speel nie — al is Hy lankmoedig en vertraag hy die oordeel (kyk Dt. 4:25, 26). Die *bloedskulde* is in die meervoud om die omvang en hoeveelheid aan te wys.

Het die volk gereken God se uitstel van oordeel is afstel? Dan toon Hy hier dat Hy bly bepaal en het nog *alles* te sê. Gehoorsaamheid aan God is steeds die eis en ongehoorsaamheid, ook ongeloof, word gestraf.

Hosea 13

Valse lewensbron

Die mens is tog maar eienaardig.

- Gaan dit met hom sleg, dan wens hy vir voorspoedtyd en bid tot God om die druk te verlig; hy neem hom ook voor om ná bevryding nog aan God te dink.
- Kom daar dan beter en blyer dae, is God egter gou vergete en is 'n roekelose tema in die lewensimfonie maklik oorheersend.

Sulke optrede is nie net eienaardig nie, maar daarby ook nog beslis onnadenkend en ondankbaar.

Hierdie saak tref ons telkens in die Skrif aan en dit word nogeens duidelik deur Hosea onderstreep. En sy bedoeling was om die volk te waarsku, want God kan dalk nog die verskrikkinge van die oordeel afwentel (kyk Hd. 3:17-26). Daarom en daarin het hierdie profetiese woorde vir ons nog altyd betekenis.

Efraim word soms vir die hele Noorderyk gebruik (12:1), maar hier (13:1) gaan dit oor die een stam in sy toonaangewende posisie onder hierdie stamme. Lankal reeds het Efraim 'n leiersrol in Israel vervul — vanaf Jakob se seën (Gn. 48:14-20), met Josua as leier by die intog (Nm. 13:8), maar veral na die afskeiding van die Dawidshuis met Jerobeam uit Efraim as koning (1 Kn. 11:26). Hierdie stam het 'n oorheersende plek beklee, sodat daar skrik vir hulle by die andere was. Die hoë posisie was meer as 'n leiersplek, omdat hulle dominerend en imponerend opgetree het. Die hele verbintenis met Jerusalem en die tempel is gekanselleer met die invoering van die kalwerdiens en aanstelling van priesters uit alle stamme (1 Kn. 13:33). Jerobeam se sonde hierin het 'n spreekwoord in die Skrif geword: *hy wat Israel laat sondig het.* Duidelik staan die donker van die ellende in die hede teen die lig van die glorieryke verlede afgeëts.

Die eintlike Baäldiens is later deur Agab in die noorde ingevoer. Hierin sit groot ironie. Baal en Astarte is as gode van lewenskrag en vrugbaarheid gedien. Maar juis daardeur het Efraim nie lewe bekom nie, maar self die dood ingegaan. Efraim was eintlik lewendig dood (Openb. 3:1) — 'n klein deel van die groot Noorderyk bestaan nog net, maar die band met God is deurgesny en daarin heers die dood oor hulle. Soos een wat in 'n ongeluk beseer is en kunsmatig aan die lewe gehou word: skakel die masjiene af en hy sterf — so is Efraim.

Domastrantheid

Ouers verwonder hulle telkens oor die domastrantheid van kinders wat nie wil luister nie dog voortgaan om hulle koppe hard te stamp. Maar so maak die kinders van God ook voor hulle hemelse Vader. Efraim/Israel is oorduidelik gewaarsku, maar wil nie hoor nie! *Hulle gaan voort om te sondig* (13:2) —al ken hulle die droewige afdwalings van die verlede en sien hulle die slaande hand in die hede en hoor hulle die profeet vermaan.

Hulle moet die lewende God dien en doen soos Hy gesê het. Maar hulle erken nie God se openbaring nie en maak dan gode na die beeld en wense van mense. (Dit gebeur vandag nog: Jesus is opperste revolusionêr; God is dood — so sê mense.) Daarby word dikwels baie menslike kennis en vaardigheid ingespan *(volgens insig, smidswerk).* 'n Mens wat God nie ken of erken nie, is mos self groot en baie slim.

Die uitspraak oor die afgodsdienaars lewer vertaalprobleme, maar dit kan gelees word soos in ons Bybel. *Soen* van afgodsbeelde, as deel van verering, kan maklik voorkom (kyk 1 Kn. 19:18)—en dink maar hoe is die Petrusbeeld in die St. Pieterskerk in Rome se toon al weggesoen! Die lot van hierdie mense word geteken in beelde wat alles wys op 'n vinnige wegvaging (13:3): *môrewolk* voor die son, *dou* by hitte, *kaf* voor wind, *rook* deur 'n oop

venster (want hulle het nie skoorstene geken nie). Die gerig van God word snel voltrek en dit vernietig radikaal.

God gryp in

Die Here spreek — natuurlik deur die profeet — die volk direk aan (13:4). Hy wys op die ou band van die begin van Israel se volksbestaan. Teenoor die afgodsdiens kan ons daarin ook sien 'n herinnering aan die uitleiding en wetgewing (Ex. 20:2). Daar was ook in hulle lewe geen ander gode wat hulle aangespreek of gehelp het nie. Was die Here nie daar nie, dan het hulle geen hoop gehad nie — Hy alleen is Heiland wat redding bewerk. Daarom het Hy reg op hulle liefde en verering, ook omdat Hy in die moeilikste situasie *(woestyn, droogtes*— 13:5) gehelp het.

Kanaän was 'n vrugbare land en daarin het God gelei en versorg. Sy volk kon as sy kudde heerlik wei. Maar juis daarby het hulle weggedraai: *versadig* het hulle *hoogmoedig* geword en die Here geïgnoreer en *vergeet.* Dit loop nou maar net so dat wie vol van homself en aardse goed is, nie meer plek vir of gedagte aan God het nie.

God laat hom egter nie sommer opsyskuif nie: *Hy het geword* (en was al deels) *soos 'n leeu* en *luiperd* — roofdiere wat getuig van krag en spoed en wat opeens bespring. So word die verlosser tot verdelger. Nog sterker word die saak beklemtoon deur na ander diere te verwys (13:8). *'n Berin* met weggeroofde kleintjies tree oorweldigend en meedoënloos op (2 Sm. 17:8; Spr. 17.12). Daarna is dit of die beeld effens verskuif: God tree op soos 'n *leeuin wat verslind,* maar Hy gebruik daarvoor ook heidense nasies om die vernietigingswerk te doen *(wilde diere verskeur).*

Wonderlik gewerk

Die aandag word weer gerig op die oorsaak van die ingrype van die Here teen Israel (13:9). Meteen sit daarin iets van 'n oproep tot bekering. Die oorsaak van die ondergang lê nie by God wat optree nie, maar by Israel wat Hom daartoe dwing. Die hand wat hulle kan help, word ruweg opsygeklap. Dit, sê die Here, is hulle ondergang, waardeur hulle te gronde gaan.

Daarop word gevra: *Waar is jou koning?* (13:10). Sommige uitleggers lees dit asof die laaste koning van die Noorderyk reeds uitgeskakel is. Dit moet egter eerder as spot gelees word: die koning, met vorste of vernames naas hom (regters), is wel nog daar, maar dan onmagtig om enige helpende hand te verleen. Die begeerte na 'n koning soos die ander volke was in die begin iets van 'n verwerping van die Here (1 Sm. 8). Nog meer was die opstand onder en wegbreek deur Jerobeam 'n daad van opstand (1 Kn. 12). Nou stroom die heidene — aan wie Israel gelyk wou wees — oor die land. Dan is die konings nie net binnelands onmagtig nie maar, nog erger, teenoor die buitelandse invallers magteloos. Hoe is vertroue op mense deur die gebeure beskaam — die koning wat veiligheid moes waarborg, kan nie help nie (Klaagl. 4:20).

Daarby blyk verder hoe misterievol is God se optrede met sy volk. Hulle kom deur die koningskap, veral ook deur die gekoppelde afgodery, in opstand teen God. Intussen draai God die posisie heeltemal om: die konings word deur Hom as strafmiddel teen die volk gebruik (13:11). Hoe wonderlik is God se weë nie (Jes. 55:8, 9; Hd. 3:13-18). Telkemale is dinastieë by Israel deur andere vervang, terwyl koningsmoorde en opvolging deur moordenaars hoop op 'n nuwe bedeling sou bevorder het. Maar elke ander koning het tot 'n vloek geword, selfs deur opstand teen grootmoondhede wat weer 'n stuk uit die land kom hap het. So was die eiemagtige koningskap uiteindelik 'n middel van God se toorn. Miskien sal die volk dit besef en hulle bekeer?

Die saambundeling en bêre van die *ongeregtigheid* (13:2; kyk Jer. 32:14) word ook positief en negatief vertolk. (In elk geval kan gedink word aan 'n bêre van kosbaarhede — soos met die *Qumranrolle* gebeur het: vir eeue in grotte, in kleipotte, feitlik ongeskonde bewaar, tot 'n

klip van 'n bokwagter een gebreek en die skat aan die lig gekom het.) ... Positief gesien: die Here wag nog. ... Negatief gesien: die Here vergeet niks nie en sal met die afrekening alles laat tel.

Dit spreek nietemin daarvan dat die sonde nagelaat moet word!

Hoor tog!

Die *barensweë* bring stellig God se oordelende werk na vore (13:13)—dis smartlike lyde oor Israel. Hierdie pynlike proses kan, hopelik, tot nuwe lewe voer. En die beeld word verder uitgewerk: die volk is soos 'n kind wat weier om in die geboorte saam te werk. Die lewe van moeder en kind (albei saam die volk) is in groot gevaar. Hieruit blyk iets van die verantwoordelikheid van die mens in die verlossing.

Waar geen mens meer kan help nie — ná die dood en in die *mag van die doderyk* — kan God alleen iets doen (13:14). Hier word ook tweërlei uitleg gebied, waarby die eerste sin gesien word as *stelling* of as *vraag* (en hierdie dat God nie meer wil help nie). As dit negatief vertolk word, dan is Paulus se gebruik hiervan (1 Kor. 15:55) direk teenoorgesteld: God triomfeer wel oor die dood en dus oor sondeskuld wat daartoe gelei het. So iets is moontlik, veral in die lig van die opstanding van Christus wat by Hosea nog onbekend is. Maar dit kan ook gelees word soos in ons Bybel — waarmee God nog hoop verklank. Dan kan ons met *Keil* verstaan (oor *berou wat verborge bly)* dat God se heilsraad deurgaan: Hy kán Israel uit die dood red.

Swaar tone word in elk geval in die laaste vers (13:15) gehoor. Efraim mag dalk opbloei, maar die warm *oostewind* uit die woestyn (12:2) vernietig alle lewe. Dit kan sien op die Assiriërs waardeur God werk *(wind van die Here).* Eers is dit nog 'n beeld *(bron wat opdroog)* en dan direk gesê dat *skatte weggeroof sal word.*

Wie op aardse goed vertrou, vind maklik uit dat God al hierdie gewaande vastrapplekke onder sy voete wegruk. Hy is die enigste rots!

Hosea 14

Gerigsvoltrekking

Die Skrif vertel ons van direkte oordeelsvoltrekking deur God —soos oor Sodom en Gomorra (Gn. 19:24), met Korag, Datan en Abiram (Nm. 16:28-33), aan Ussa (2 Sm. 6:19). Anders gebeur dit dat Hy daarvoor mense gebruik — soos die Leviete by Sinai (Ex. 32:25-28), Saul met Amelek (1 Sm. 15), Jehu vir die huis van Agab (2 Kn. 9). Nou vind ons dit ook by die profete dat vreemde nasies instrumente is om God se raadsplan met sy volk uit te voer:

- So meld Jesaja 45 van Kores as kneg van God om sy volk uit die ballingskap weer vryheid te gee —dus positief.
- Hosea en andere het dit egter oor vyandige leërs wat kom en die bondsvolk oor sy afval en ontrou platloop, as straf van die Here.

Dit is waarmee Hosea 14 begin —en dit sluit aan by die einde van die vorige deel: die *oostewind* (warm, dodend) as wind van die Here oor die land en die wegroof van goedere (13:5). Stemme van oordeel en ontferming, bedreiging en belofte wissel mekaar meer by die profeet af. Hier word eers nog weer oor die gerig gepraat —en Samaria kan vir 'n groter geheel geld óf aandui dat nog net die stad, reeds beleër, oorgebly het (14:1).

Die rede daarvoor is die aanklagte wat Hosea telkemale laat hoor: *Samaria* was *weerspannig — opstandig* teen en afvallig van sy God. Die tol vir die sonde moet betaal word — soos wat die loon van sonde die dood is (Rm. 6:23). Hoe verskriklik is die wrede oorlogspraktyke deur die eeue!

- Hulle (mans) sneuwel in gevegte. ... Kinders word verpletter.
- Swanger vroue word van kinders beroof, sodat geen afstammelinge nagelaat word nie.

Heilige offerdiens

Die tyd van genade vir God se volk is nog nie verby nie, selfs al sou die oordeel hulle getref het en daarom die roep tot bekering. Al sou die Verlosser uit Juda wees (Gn. 49:8; 2 Sm. 7:13), moet daar 'n volk wees waaruit Hy voortkom. Selfs ná die kruisiging is daar nog die roep tot die nuwe pad (Hd. 22) en Jode wat die Christus vandag nog aanneem, verkry die verlossing.

Daarom staan hier duidelik die beroep op die volk (14:2; kyk Hd. 2:37-41) om tot bekering te kom — en al sou net 'n *deel* gehoor gee, word die volk in die res behou. Hulle het wegbeweeg en moet nou omdraai; dan sal ook nie meer voorval dat hulle onvas van voet op 'n ongelyke pad loop (en *struikel deur ongeregtigheid)* nie. Ten spyte van al hulle skandalige optrede teenoor God, praat Hy nog mét hulle en ván Homself as Israel se God van die verbond — Hy staan oop vir 'n vernieude verbondsbetrekking.

Hulle het afkerige offers gebring en dit moet nou end kry. En in plaas van offers moet hulle *woorde* bring (14:3)—nie leë of skynheilige woorde nie, maar opregte, dankseggende, lofverheffende woorde, gebede en geloftes aan die Here. Die bekering tot God blyk ook daarin dat hulle reg en goed begin bid — en hier leer die Here deur sy profeet hulle wat hulle moet bid (Mt. 6). Daarin moet ons op die volgende let:

- Dit gaan om *julle,* waarby die persoonlike verantwoordelikheid van elke mens tel en jy nie in 'n groep kan wegkruip nie. ('n Kerk is tog so lewendig of berouvol as wat sy lede is!)
- Eerlik word erken dat daar fout by die mense is: 'n belydenis van *ongeregtigheid* — daar was dus dwaling en oortreding (kyk 6:1, 4, 6).
- Hulle wil ook die goeie bring, want hulle hele gesindheid teenoor God het verander.

- Die eintlike offer voor God is dan die *lippe* wat God se Naam en lof verkondig (kyk Ps. 50:14 -17; 51:15 - 19; 40:7-11).

Verkeerde afgelê

Die inkeer en belydenis van die volk gaan nog verder en dui ook aan waarin hulle voorheen oortree het (14:4):

- Die afgod van politieke maneuvers word afgesweer in die stelling dat *Assur kan nie red nie.* Na dié groot moondheid het hulle tevore gehardloop, en eintlik net ellende oor hulle gehaal (12:2).
- Die *perde ry* kan 'n sydelingse verwysing na Egipte bevat (Jes. 30:*2,* 16; 31:1). Dit kan egter ook dui op 'n vertroue op eie militêre mag (1 Kn. 10 :26).
- *Die werk van ons hande* is meer as net eie skemas en krag, omdat hier op die maak en aanbidding van afgode gesinspeel word (8:5, 6). So breek die volk met sonde in die politiek én kultus en kyk van alle aardse steunpunte af weg.

Hierdie waarheid word op unieke manier bevestig deur van die verhouding tussen God en die weeskind te praat. Die wese het geen sorg of beskermer gehad nie, en daarom moes die volk na hulle omsien (Eks. 22:22). Waar die mens in gebreke bly, help God hierdie beproefdes beslis (Dt. 10:18; Ps. 10:14, 18 —en kyk Jh. 14:18). Nou beskou die volk hulleself soos wese: alleengelaat, sonder hulp, net op God aangewys.

Mooi en sterk

Die gang van gedagtes loop so:

- Die oordeelaansegging lei tot die oproep om bekering (14:1-3).
- Die volk bely sy skuld en vertroue (14:4).
- God beloof van sy kant af dat Hy hulle genadig sal wees (14:5, 6).

En miskien was hierdie openbaring aanleiding daartoe dat Hosea die eerste verse laat hoor het. Nie dat die beweging by die volk begin het nie — want hoe sou 'n mens self uit die dood kan opstaan of 'n verwoeste gebou uit eie krag en sonder enige materiaal weer kan oprig?

God tree op en in met redes wat net uit Homself voortvloei — Hy word nie gedwing tot liefde nie maar doen dit *vrywillig* (14:5), nes Hy uit sy eie die verbond met Israel aangegaan het. As Hy liefhet, hou dit natuurlik ook in dat Hy sy toorn afgelê het (13:7). Dat Hy *afkerigheid genees,* hou in dat Israel se toestand 'n siekte was (kyk 6:1; 7:1; 11:3). Daaruit kan mense nie help nie, maar is die gawe van God se genade en liefde nodig (Ps. 30:3-6). Dit is veelseggend dat God hier as persoonlik sprekend ingevoer word. So word die persoonlike verhouding met sy volk en volksgenote herstel, maar die liefde tree ook helend op en bring saam.

Dit blyk duidelik uit die beeld wat daarna gebruik word: God is vir Israel *soos die dou* (14:6). Die somermaande in Kanaän is warm en droog, sonder reën, dog die plante leef en groei van die dou wat snags kom — reëlmatig, verfrissend, lewegewend (Dt. 33: 13; Jes. 26: 19).

Dan word in 'n paar beelde aangedui wat met Israel gebeur:

- *Bloei soos 'n lelie.* Sommige praat van 'n praggekleurde blom soos die anemoon, omdat die lelie nie so baie voorkom nie. Dit dui in elk geval op 'n skoonheid wat die mens nie kan maak nie (Mt. 6:29).
- *Wortels soos die Libanon.* Dit word gedink as van die *bome* van dié berg, maar selfs van die *berg* self — waarvan die voetheuwels en uitlopers as wortels gesien word. Dus sal die volk nie net mooi soos 'n blom (maar verbygaande) wees nie, maar ook stewig en blywend.

So moet die kerk ook altyd wees: sieraad én krag.

- *Lote uitsprei (14:7).* Die sterkte bring mee dat groei en uitbreiding ook welig is. Dit kan na kinderseën heenwys (teenoor kinderloos — 9:12).
- *Prag soos olyfboom.* Dit het 'n donkergroen loof, dra eindeloos en word baie oud (Jer. 11:16; Ps. 52:10).
- *Geur soos die Libanon,* wat kan kom van die bome (soos in 'n dennebos) of van blomme wat daar groei (Hoogl. 4:11). Dit dui op 'n welriekende verskyning in die wêreld. (En is dit nie soos die kerk moet wees nie?)

Ware lewe

Die Skrif gebruik dikwels beelde om 'n geestelike saak uit te druk — dink maar aan Christus se gelykenisse. Hosea het hier ook van 'n boom gepraat (14:6, 7), maar daarna kom 'n verskuiwing in die beeld: die Israeliete sal heerlik *onder* die *skaduwee* van die volksboom *sit.*

En daarby kom dan verskillende goeie dinge wat hulle sal ervaar (14:8).

⇨ *Weer koring laat groei.* Die lande wat kaal gelê het, word weer bewerk en God gee seën oor die voedende gewas (koring) wat in vredestyd groei.

⇨ *Bloei soos wingerdstok,* teenoor die verwoesting van voorheen kom nou weelderige groei en ryke vrug-drag.

⇨ *Soos wyn van Libanon.* Aan 'n hang van dié berg op 'n sekere hoogte is daar wingerde en 'n beroemde wyn word gemaak — soos bepaalde kante van berge in die Boland ook beter vir sekere druifsoorte is. Wyn is ook beeld van verfrissing en opbeuring.

Dit wat Efraim met die *afgode te doen* het (14:9) word ook verskillend gelees:

òf dat Efraim self so praat (en dan moet die *ek* 'n klein letter begin)

òf dat die Here aan Efraim so sê.

Ons Bybel vertolk dit op dié wyse: die Here het die afgode weggeruim en dink nie meer daaraan nie.

Dis weer vrye, soewereine genade van God. Die *sipres* kon 'n afgodsboom gewees het (kyk 4:13), maar nou is dit beeld van God en Hy beklee die sentrale plek by die volk. Dan weer 'n beeldaanpassing, want 'n sipres dra nie vrugte nie — dus teen alle aanduidings van die natuur in. God is die bron van lewe en vreugde van die volk.

Die afsluitende vers (14:9) doen dit vir die hoofstuk en vir die hele boek. Dit is in die styl van die wysheidsliteratuur (bv. Spreuke) en daar is gedagtes dat dit aan Hosea se werk toegevoeg is. Dit kán wel van die profeet wees en dui in elk geval die betekenis van hierdie profetiese woorde aan. God beskik oor die lewe en dit moet by Hom en op sy pad gevind word.

Dis so pragtig en vertroostend as ons hierby die Here Jesus se oproep in Johannes 15 lees: Ons moet in sy *woorde* bly, maar voor alles in *Hom*.

BOEKE GERAADPLEEG EN OM TE GEBRUIK

CALVIN, J. - Commentaries on the Twelve Minor Prophets, I Hosea. Transl. by J. Owen. Edinburgh, Calvin Translation Society, 1846, 530 p.

FREY, H. - Das Buch des Werbens Gottes um seine Kirche; der Prophet Hosea, übers. & aufgelegt. Stuttgart, Calwer, 1957. 318 p. (Die Botschaft des Alten Testaments, Bd. 23, 2).

KEIL, C. F. - Biblischer Commentar über die Zwölf Kleinen Propheten. (3e, nachgebess. Aufl.) Leipzig, Dörffling & Franke, 1888. 718 p.

KNIGHT, G. A. F. - Hosea; God's love (2nd impr.) London, SCM (1966, cl960) 127 p. (Torch Bible paperbacks).

MAYS, J. L. - Hosea; a commentary. Philadelphia, Westminster Press, cl969. 190 p. (Old Testament Library).

OU-TESTAMENTIESE WERKGEMEENSKAP IN S.A., 7e & 8e byeenkoms, 1964-'65. Studies on the books of Hosea and Amos; papers. Potchefstroom, Pro Rege, 1964 - '65. 169 p.

RIDDERBOS, J. - Het Godswoord der profeten I; van Elia tot Micha. Kampen, Kok, 1930. 274 p.

RIDDERBOS, J. - De Kleine profeten — Hosea, Joël, Amos (2e druk). Kampen, Kok, 1952. 256 p. (Korte Verklaring der Heilige Schrift).

RUDOLPH, W. - Hosea. Gütersloh, Mohn. 1966. 269 p. (Kommentar zum Alten Testament, Bd. 12/1).

VAN GELDEREN, C. - Het boek Hosea, vertaald en verklaard door C. van Gelderen en W. H. Gispen. Kampen, Kok, 1953. 426 p. (Commentaar op het Oude Testament).

VAN LEEUWEN, C —Hosea. Nijkerk, Callenbach, 1968. 304 p. (De prediking van het Oude Testament).

VELDKAMP, H. - De zoon van Beëri; over het boek Hosea. 3e druk. Franeker, Wever [s.j.] 211 p.

WEISER, A. - Das Buch der zwölf Kleinen Propheten, I; die Propheten Hosea, Joel, Amos, Obadja, Jona, Micha. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1949. 261 p. (Das Alte Testament Deutsch).